



© Publikasie:LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel.: (012) 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za  
© Teks: GM Jansen van Rensburg 2015

Gezet in 10 op 13 pt Arial  
Grafiese uitleg deur Full Circle

Hierdie teks mag vir opvoedkundige doeleindes gratis versprei en gekopieer word. Geen gedeelte van hierdie teks mag egter vir kommersiële doeleindes aangewend word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

**Oor 'n motorfiets,  
'n zombieflik en lang  
getalle wat deur elf  
gedeel kan word**

'n Gids

**Jaco Jacobs**

Saamgestel deur G.M. Jansen van Rensburg

LAPA Uitgewers  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)

# Inhoud

---

1. Ontmoet die skrywer	5
2. Inleidende aktiwiteite: titel, omslag, flapteks	7
3. Opsommings en vrae oor die inhoud (pre-lees en post-lees)	9
4. Ruimte en tyd	56
5. Vertelperspektief	58
6. Karakterisering	59
7. Intrige (plot)	61
8. Tema en boodskap	62
9. Voorgestelde antwoorde	63
10. Ander idees	80

# 1. Ontmoet die skrywer

---

Jaco Jacobs is op 'n Karoodorpie, Carnarvon, gebore en het daar grootgeword. Hy het al op skool aan skryfkompetisies begin deelneem. In matriek was hy hoofseun van die Hoërskool Carnarvon en het hy ook begin om vir tydskrifte soos *Sarie* verhale te skryf.

Jaco het ná skool aan die Universiteit van die Vrystaat gestudeer. In 2001, terwyl hy nog op universiteit was, het sy eerste kinderboek, *Troetelgedrog*, verskyn. Ná sy studentejare het hy by *Volksblad* in Bloemfontein gewerk, en deesdae is hy uitgewer van kinder- en jeugboeke by LAPA Uitgewers.

Jaco sê hy skryf omdat hy mal is oor stories.

“Dis soms moeilik om te sê presies waar die idee vir 'n storie ontstaan het. *Oor 'n motorfiets, 'n zombieflik en lang getalle wat deur elf gedeel kan word* het sy ontstaan aan 'n paar verskillende dinge te danke. Eerstens: hoërgraadwiskunde. Ek het my hele hoërskoolloopbaan hoërgraadwiskunde geneem en elke liewe oomblik daarvan gehaat, maar ek het vasgebyt, want ek was nie seker wat ek ná skool wou word nie en ek was bang ek sou wiskunde nodig hê wanneer ek 'n beroepskeuse maak. Tweedens: zombies. Ek was nog altyd mal oor griffliks en ek dink dit sal wonderlik wees om 'n regte outydse zombieflik te maak. En derdens: hoenders. Hoenders het my nog altyd gefassineer. Hulle is wonderlike diere om dop te hou. Daar's iets intelligent in 'n hoender se oë. En hulle lyk 'n bietjie soos dinosourusse.”

Jaco se boeke is onder meer bekroon met die Alba Bouwerprys, die C.P. Hoogenhouttoekenning, die MML-letterkundeprys en verskeie ATKV-kinderboektoekennings. Hy skryf ook kortverhale, rubrieke en tydskrifartikels, en het al meer as 200 boeke in Afrikaans vertaal.

Jaco woon in Bloemfontein saam met sy vrou, Elize, en sy twee dogtertjies, Mia en Emma.

**Die inligting oor die skrywer kan as 'n luisterbegripstoets gebruik word.**

1. Vir watter tydskrif het Jaco stories begin skryf toe hy nog op skool was?

2. Aan watter universiteit het hy gestudeer?
3. Watter drie dinge het hom geïnspireer om *Oor 'n motorfiets, 'n zombieflik en lang getalle wat deur elf gedeel kan word* te skryf?
4. Waarom het hy wiskunde op skool geneem, al het hy glad nie daarvan gehou nie?
5. Noem een toekenning wat Jaco al vir sy skryfwerk gekry het.
6. Waar woon Jaco deesdae?
7. Hoeveel boeke het hy al in Afrikaans vertaal?
8. Wie is Mia en Emma?

## 2. Inleidende aktiwiteite: titel, omslag en flapteks

---

### **Titel**

Die titel van 'n boek is baie belangrik, want buiten vir die omslag is dit die eerste ding wat 'n voornemende leser raaksien. Dit moet dus die voornemende leser onmiddellik aantrek sodat hy sal stilstaan om die boek van naderby te bekyk. Die titel moet ook die inhoud van die boek dek en dit moet duidelik leesbaar wees. As die outeur se titel dalk onvanpas, verbeeldingloos en vaal is, sal die ervare uitgewer dit vervang.

### **Vrae oor die titel**

1. Dink jy hierdie titel beantwoord aan die kriteria soos hierbo uiteengesit? Gee redes vir jou antwoord.
2. Hoe geval die besonder lang titel van die boek jou?
3. Skryf al die naamwoorde in die titel neer.
4. Sê watter een van bogenoemde naamwoorde jou die meeste interesseer en gee 'n rede vir jou antwoord.

### **Omslag**

Die omslag word gewoonlik nie deur die outeur gekies nie, maar deur die uitgewer wat die boek bemark. Die titel, outeur se naam en 'n gepaste illustrasie of foto verskyn gewoonlik op die omslag.

Die omslag van 'n boek word gewoonlik deur 'n professionele persoon (omslagontwerper) ontwerp. Die ontwerper moet goed vertrou wees met die inhoud van die boek, sodat die regte gevoel geskep kan word vir die lesers wat geteiken word. Die omslag moet so uitgelê word dat die boodskap wat dit wil oordra duidelik en vining gekommunikeer word. Voornemende lesers moet dus maklik deur die visuele inligting kan werk. Daar moet ook balans wees tussen die elemente van die omslag (illustrasie en tipografie) en die leser se oog moet moeiteloos van die een na die ander kan beweeg.

Net soos die titel, trek die omslag van 'n boek die voornemende leser aan, of laat hom koud. As die omslag interessant en kleurvol is, kan dit daartoe bydra om lesers te lok.

## **Vrae oor die omslag**

1. Daar is verskeie lettertipes vir die woorde van die titel gebruik. Is daar 'n rede daarvoor? Sou jy ander lettertipes of dalk net een lettertipe gekies het?
2. Lewer kommentaar oor die lettertipe wat vir die woord *zombieflik* gebruik is.
3. Watter boodskap kommunikeer die omslag aan jou?
4. Dink jy die omslag is te besig of deurmekaar? Gee redes.
5. Sou jy ander kleure vir die omslag voorstel? Indien wel, sê watter kleure en waarom jy dit sou verkies.
6. Wie dink jy is die drie kinders wat op die omslag uitgebeeld is en waarom kyk hulle boontoe?
7. Kyk na die verskillende hoofstukke se name en sê watter het 'n direkte band met die omslag.

## **Flapteks**

Die flapteks van 'n boek is 'n verkorte weergawe van die inhoud van die boek. Die flapteks moet so geskryf word dat dit net genoeg inligting verskaf om die voornemende leser se nuuskierigheid te prikkel, sodat hy die boek sal wil lees.

## **Vrae oor die flapteks**

1. Kan jy die hoofkarakter identifiseer nadat jy die flapteks gelees het?
2. Soek twee voorbeelde van hoe daar net genoeg inligting gegee word om die voornemende leser nuuskierig te maak.
3. Watter soort lewe, dink jy, het Martin vóór en ná sy ontmoeting met Drikus gelei?
4. Dit blyk dat Martin snags somme doen as hy nie kan slaap nie. Watter soort somme, volgens die titel?
5. Daar word vere uitgebeeld op die omslag. Watter soort vere is dit volgens die flapteks?
6. Watter woord op die flapteks dui aan dat daar vining na mekaar baie dinge gaan gebeur?



### 3. Opsommings en vrae oor die inhoud (pre-lees en post-lees)

---

#### Hoofstuk 1 & 2 (bl. 5-12)

#### PRE-LEES

#### Aktiwiteit 1: Dink en praat

- Wat is 'n **bynaam**?
  - Gebruik mense vandag nog byname?
  - Op grond waarvan kry mense hulle byname? (Dink byvoorbeeld aan mense se voorkoms, gewoontes, gebreke, bates, stok-perdjies en woonplek.)
  - Ken jy iemand met 'n interessante bynaam? Wat is die bynaam en hoe het die persoon dit gekry?
  - Het jy 'n bynaam? Wat is dit, wie het dit vir jou gegee en waarom is dit vir jou gegee?
  - Gee jy om as mense jou op jou bynaam noem?
- Wat is 'n **fobie**?
  - Noem die name van fobies waarmee jy bekend is.
  - Het jy enige fobies of ken jy iemand met 'n fobie? Vertel daarvan.
- Ken jy 'n kind of iemand anders met **kanker**?
  - Watter soort kanker is dit?
  - In watter stadium is die kanker?
  - Watter behandeling kry die persoon en het dit nagevolge?
  - Is daar hoop op genesing?
  - Watter emosies ervaar die persoon?
  - Hoe is die persoon se normale leefwyse deur die siekte beïnvloed?
  - Hoe beïnvloed die persoon se siekte die res van die gesin?
  - Het jy al 'n boek gelees of 'n flielk gesien wat handel oor 'n kind wat kanker het? Gee die naam en vertel kortliks daarvan en sê hoe dit jou geraak het.

## Aktiwiteit 2: Woordeskat

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**begrafnisdienste:** saak/onderneming wat begrafnisse reël

**aangluur:** nuuskierig/onbeskof aankyk

**agterdogtig aankyk:** om wantrouig na iemand/iets te kyk

**skou:** tentoonstelling

**Leghorn-hoender:** Mediterreense ras van kleinerige hoenders, met gladde geel pote/'n goeie lêhen wat in verskillende kleure voorkom

**vererg:** kwaad word

**van toeka se dae:** van lankal af

**beloning:** iets wat as vergoeding aangebied word

**skrikkeljaar:** jaar met 366 dae

**redenaar:** iemand wat 'n rede/toespraak lewer

**iemand se hart breek:** die setel van iemand se gevoelens aantast/seermaak

**van die mark af:** nie meer te koop/verkrygbaar nie

**agorafobie:** sieklike vrees om in oop plekke te wees; ruimte-, plein-vrees

## **Opsomming (bl. 5-12)**

Die dertienjarige Martin Retief (Hoender) woon saam met sy ma, sy suster Cindy en sy oom Hendrik op 'n plot (kleinhoewe). Sy pa is bykans drie jaar gelede in 'n motorongeluk oorlede en sy ma is so getraumatiseer daardeur dat sy nooit weer in hul slaapkamer geslaap of die huis verlaat het nie. Cindy se kêrel, Bruce, bring haar saans later as die vasgestelde tyd van tienuur huis toe en dit veroorsaak verdere spanning vir sy ma. Oom Hendrik wat maar baie stil is, woon in 'n buitekamertjie.

Martin, wat sy oorlede pa se hoenderboerdery oorgeneem het, tref een oggend sy spoghen, Klarabel, dood aan. Die nuwe bure se hond het die hen doodgebyt. Martin gaan konfronteer die buurseun, Drikus, wat hom met 'n kaalgeskeerde kop en 'n videokamera in die hand begroet. Drikus laat blyk dat hy weet dat Hoender se ma voorheen 'n aktrise was. Drikus het 'n tydskrifartikel met 'n foto van Hoender se ma daarby. Hy sê grinnikend vir Hoender dat die tydskrif 'n beloning van R500 aanbied vir die persoon wat hulle kan help om die sterre van toeka op te spoor. En toe slaan Hoender vir Drikus bloedneus.

## **POST-LEES**

### **Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf**

#### **Hoofstuk 1 & 2 (bl. 5-12)**

##### 1. Martin Antonio Retief

Martin se bynaam is Hoender. Hoekom?

1.2. Wat is vreemd aan die manier hoe Martin ouderdomme onthou?

1.3. Martin sê: “Almal dink dis oor die hoender wat ek vir Drikus bloedneus geslaan het, maar dis nie regtig waar nie.” (bl. 5)

1.3.1. Wat is die ware rede waarom Martin vir Drikus bloedneus geslaan het?

1.3.2. Waarom sou Martin vir Drikus oor 'n hoender kon bloedneus slaan?

1.3.3. Dink jy slaan was die regte manier vir Martin om uiting aan sy woede te gee? Wat anders kon hy dalk gedoen het?

- 1.3.4. Martin het sy ma probeer beskerm teen ongewenste publisiteit. Hoe sal jy optree as iemand inligting oor een van jou ouers aan die media wil verskaf?
- 1.4. Wat doen Martin wanneer hy tyd nodig het om te dink?
2. Martin se hoenders
  - 2.1. Wie het die hoenderboerdery oorspronklik begin?
  - 2.2. Met watter soort hoenders boer Martin?
  - 2.3. Hoekom, dink jy, boer hy juis met dié soort hoenders?
  - 2.4. Verduidelik hoe die hoenders hul name gekry het.
  - 2.5. “Klarabel was nou wel een van my beste leghorns ...”
    - 2.5.1. Wat impliseer die woord “was”?
    - 2.5.2. Watter bewys het Martin gehad dat die buurseun se hond, Cheetah, vir Klarabel doodgebyt het?
    - 2.5.3. Watter bewys is daar dat Klarabel een van Martin se beste leghorns was?
3. Martin se ouers
 

Hoe is Martin se pa dood?  
Martin se ma was ’n “sepiester van toeka se dae.”

Gebruik ’n verklarende woordeboek en slaan na wat die woord “sepie” beteken en waar die naam vandaan kom.

  - 3.1. Watter EEN van die volgende pas NIE?
 

“toeka se dae” beteken ...

A destyds.  
B deesdae.  
C lankal.  
D jare gelede.
  - 3.3. Hoe het die nuwe buurseun, Drikus, uitgevind dat mevrou Retief ’n sepiester was?
  - 3.4. Watter belofte maak die tydskrif?
  - 3.5. Watter negatiewe uitweking het haar man se dood op mevrou Retief gehad?
- 4.1. Drikus
  - 4.1.1. Watter aanduidings is daar in hoofstuk een dat Drikus nie gesond is nie?
  - 4.1.2. Watter bevestiging is daar in hoofstuk 2 dat Drikus siek is?
- 4.2. Wat, dink jy, het Drikus se pa by Martin-hulle se huis gaan doen?

- 4.3. Waarom, dink jy, het Drikus 'n videokamera by hom wanneer hy die deur vir Martin oopmaak?
- 4.4. Oom Hendrik
- 4.4.1. Wie is die oom na wie daar in die titel van hoofstuk 2 verwys word?
- 4.4.2. Kies die korrekte antwoord. Oom Hendrik se hart is gebroke as gevolg van 'n ...
- A liefdesavontuur.
  - B liefdesband.
  - C liefdesdriehoek.
  - D liefdesteleurstelling.
- 4.4.3. Haal 'n sin op bl.11 aan wat daarop dui dat Martin 'n goeie verhouding met sy oom het.

## **Aktiwiteit 4: Kry inligting/doen navorsing, skryf en illustreer.**

### **Pamflet**

Ontwerp 'n pamflet om die gemeenskap bewus te maak van Hodgkin se siekte/Hodgkin-limfoom.

- Jy kan foto's of illustrasies bysit.
- Die pamflette moet byvoorbeeld in dokters se spreekkamers en apteke gelaat kan word.
- Gee aandag aan die volgende:
  - Wat is Hodgkin se siekte?
  - Waar kom die naam vandaan?
  - Wat is die simptome?
  - Hoe word die siekte gediagnoseer?
  - Hoe word dit behandel?
  - Watter nuwe-effekte is daar?
  - Kan dit genees word?

### **Feitelike skryfwerk**

Gee die **name** en **beskrywing** van vyf verskillende fobies.

## Hoofstuk 3 & 4 (bl. 13-23)

### PRE-LEES

#### Aktiwiteit 1: Dink en praat

- **Zombie** verwys gewoonlik na 'n persoon wat apaties is of na 'n lyk wat deur toorkrag tot lewe gebring sou wees.
  - Gebruik jy soms die woord zombie?
  - In watter konteks gebruik jy dit?
  - Het jy al na 'n zombieflik gekyk? Kan jy die naam van die fliek onthou?
  - Vertel van die fliek en sê ook of jy daarvan gehou het of nie. Gee redes.
- **Tuisonderrig**
  - Het jy al blootstelling aan tuisonderrig gehad en hoe het jy dit ervaar?
  - Oorweeg jy dalk tuisonderrig? Hoekom?
  - Ken jy iemand wat tuisonderrig ontvang?
  - Waarom word hy/sy tuis onderrig?
  - Wie is in beheer van sy/haar studies?
  - By watter instansie is hy/sy ingeskryf?
  - Hoe vergelyk sy/haar sillabus en werklading met joune?

#### Aktiwiteit 2: Woordeskat

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**vermetel:** roekeloos; parmantig, aanmatigend

**iemand se oë voel brand in jou rug:** voel hoe iemand stip na jou kyk

**'n onaardse gekreun:** bomenslike gekerm/klaende geluide

**om vuriglik te hoop:** sterk, hartstogtelik hoop

**zombie:** apatiese persoon, lyk wat deur toorkrag tot lewe sou gebring wees

**suikermeul:** meul om suikerriet fyn te maal en die sap daaruit te

druk

**uitpeuloë:** oë wat na buite bol staan

**drup (s.nw.):** bottel met toestel wat vloeistof in druppels laat uitloop

**Hodgkin se siekte:** siekte gekenmerk deur voortsrydende vergroting van die limfkliere, lewer en milt, gepaardgaande met bloedarmoede

**outydse plate:** grammofoonplate

**botweg weier:** kortaf van die hand wys

**jou verdiende loon:** loon wat jou toekom

**priemgetal:** ondeelbare getal

**gelukkige getal:** Om te bepaal of 'n getal 'n gelukkige getal is, moet die afsonderlike syfers van die getal gekwadreer word. Die kwadrate word daarna bymekaargetel en die prosedure word herhaal. Indien die resultaat eindelik 1 is, is die aanvanklike getal 'n gelukkige getal.

**'n oorlas van jouself maak:** 'n hindernis, ergernis wees

**lewensversekering:** ooreenkoms wat berus op die betaling van 'n vaste premie op gesette tye, sodat die naasbestandes by die dood van die versekerde 'n bepaalde som geld ontvang.

**verleentheid:** verleë, beskroomd, bedees wees

## **Opsomming (bl.13-23)**

Hoender word nie vriendelik ontvang toe hy die middag by Drikus-hulle opdaag om te gaan verskoning vra nie. Dikus se ma wys Hoender kwaai daarop dat haar seun ernstig siek is, maar die pa vra Hoender om na Drikus se kamer te gaan. Daar kom kreungeluide uit die kamer en tot Hoender se verligting is dit die klanke van 'n DVD, getiteld *White Zombie*. Hoender beseft Drikus is siek toe hy 'n staander met 'n drup langs die bed sien. Die twee seuns vra mekaar om verskoning vir hul optrede van daardie oggend. Hoender hoor van Drikus dat hy limfkanker het en 'n voltydse verpleegster, die mooi Marinda, versorg hom. Dikus sê ook vir Hoender dat hy 'n fliek gaan maak.

Daardie aand is net Hoender en sy ma aan tafel; Cindy is weer uit saam met Bruce. Hoender sê vir sy ma hy gaan die volgende dag weer by Drikus kuier en hulle gaan 'n fliek maak. Hoender tel die ertjies op sy bord. Daar is 31; dit is 'n priemgetal, sowel as 'n gelukkige getal. Sy pa het hom daarvan geleer. Cindy is weer laat en sluip die huis binne. Hoender is nog wakker en sien op sy wekker dit is 23:41. Hy werk gou uit of die getal 2341 'n gelukkige getal is, maar dit is toe nie. Toe hy gaan water drink, sien hy sy ma is ook nog wakker in die sitkamer.

## **POST-LEES**

### **Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf**

#### **Hoofstuk 3 & 4 (bl. 13-23)**

1. Drikus se ma bestempel Hoender as “vermetel”. Hoekom?
2. Hoe maak Drikus se ma haar skuldig aan stereotipering?
3. Hoender voel daar is 'n teenstrydigheid in Drikus se ma se naam en haar optrede. Verduidelik.
4. Hoender hoor 'n aaklige gekreun in Drikus se kamer en dink “wat op aarde makeer hy?” (bl. 14) Hoekom is dit ironies?
5. Waardeur word die kreungeluide veroorsaak?
6. Wat verklap die titels van die DVD's in Drikus se kamer?
7. Hoe probeer Drikus vir Hoender op sy gemak stel oor die naald in sy arm?



8. Hoender het besef Drikus het kanker nog voordat Drikus dit gesê het. Haal 'n sin op bl.17 aan om dit te bewys.
9. Watter soort kanker het Drikus?
10. Watter bewys is daar dat Drikus nie toelaat dat die kanker sy drome vernietig nie?
11. Waarom tel Hoender die ertjies op sy bord?
12. "Een-en-dertig (31) is 'n priemgetal. Dit is ook 'n gelukkige getal" (bl. 20, 21). Is hierdie stelling 'n mening of 'n feit? Motiveer jou antwoord.
13. Hoender sukkel daardie nag om te slaap. Noem drie dinge waaraan hy dink wat hom uit die slaap hou.
14. Dink jy Hoender se ma het haar man se dood al verwerk? Gee redes.

## **Aktiwiteit 4: Dink en praat**

### **• Informele bespreking**

Hou 'n klasbespreking waarin die **voor- en nadele van tuisonderrig** bespreek word.

Dink aan faktore soos die omgewing, onderwyser(s), duur van lesse, sillabus, huiswerk, kostes, vakansies, sosialisering, sport en kultuur.

Hou die volgende in gedagte:

- Iemand moet die bespreking inlei en aan die gang hou met vrae aan die res van die groep.
- Luister aandagtig sodat jy sinvol op ander se menings kan reageer.
- Almal moet deelneem en elkeen moet sy saak kan stel. Maak seker dat jy nie die gesprek oorheers of te min deelneem nie.
- Die onderwerp gaan beredeneer word, daarom is dit belangrik dat jy 'n standpunt sal inneem en dit ook stel.

## Hoofstuk 5 & 6 (bl. 24-34)

### PRE-LEES

#### Aktiwiteit 1: Dink en praat

##### • Padwoede

Hoender-hulle se bussiebestuurder, meneer Haasbroek, maak hom dikwels aan padwoede skuldig. Hy verloor sy humeur vining in die verkeer en dan vloek hy onderlangs en wys lelike tekens met sy enigste hand. Hoender glo dat hy 'n paar zombies sal kan dood-ry as hy kwaad genoeg word.

- Probeer om padwoede te definieer. Dink byvoorbeeld aan wie die skuldiges is, waar hulle is tydens hul wangedrag en wie deur hulle geteiken word.
- Is vloek en lelike tekens wys die enigste vorm van padwoede?
- Op watter ander maniere wys die bestuurders van voertuie nog hul woede?
- Is padwoede aanvaarbaar?
- Waartoe kan padwoede alles lei?

##### • Kameras

- Het jy 'n kamera? Watter soort kamera is dit? Watter soort kamera verkies jy? Gee redes.
- Gebruik jy jou kamera gereeld of is dit 'n wit olifant?
- Is kameras nog nodig nou dat elke selfoon toegerus is met 'n kamera?
- Hoe dikwels en waarvoor gebruik jy jou selfoonkamera?
- Noem 'n paar voor- en nadele van selfoonkameras.
- Watter soort onderwerpe fotografeer jy graag?
- Waar stoor jy jou foto's?
- Weet jy wat 'n analoë kamera is? Wie gebruik nog analoë kameras?

##### • Fliks (rolprente)

- Drikus hou van grilfliks. Van watter soort fliks hou jy? Hoekom hou jy daarvan?
- Gaan jy teater toe vir 'n fliks of verkies jy DVD's? Gee redes.

- Is ouderdomsbeperkings 'n goeie ding en hou jy daarby? Gee redes.
- Vertel van die soort flik wat jy sal maak, waar dit sal afspeel en wie jy sal gebruik vir die hoofrolle.
- Vertel van 'n flik wat 'n groot indruk op jou gemaak het.

## Aktiwiteit 2: Woordeskat

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**plotrot:** benaming met negatiewe konnotasie vir mense wat op kleinhoewes woon

**Estoire:** Hier die naam van 'n area met kleinhoewes, maar ook 'n Franse woord vir "geskiedenis" of "storie".

**lendelam:** nie stewig nie, wankelig

**atjar:** mengsel van fyngesnyde groente of vrugte in asyn met speserye daarby

**Shoprite-sak:** inkopiesak/plastieksak van die Shoprite-winkelgroep

**hotklou:** linkerhand

**byderhand:** binne bereik

**bloeddorstig:** wat graag wil moor, wreed

**plaag:** onheil, ramp

**jou humeur verloor:** baie kwaad word

**tyre lever:** bandwipper

**vampier:** bloedsuiende nagspook

**waarskynlik:** wat 'n mens kan verwag

**die vuilwerk doen:** onaangename werk doen

**kammabloed:** speel-speel bloed, nie regte bloed nie

**gelatien:** jellieagtige, lymerige stof wat van dierweefsel, soos bene, vel en senings, berei word

**klewerig:** taaierig

**ongevalle:** afdeling van hospitaal waar noodgevalle, soos ongelukke en beserings, behandel word

**vleismeul:** meul wat vleis fynmaal vir frikkadelle en wors

**bekostig:** die koste dra, betaal

**haarfyn beplan:** noukeurig en tot in die kleinste besonderhede beplan

**siddering:** bewing, trilling

## **Opsomming (bl.24-34)**

Hoender-hulle bly in Estoire waar daar net armoedige plotte is. Hy en ses ander kinders ry saam met oom Haasbroek skool toe in 'n lendelam ou bussie. Hulle deel die bussie met die ouetehuis. Oom Haasbroek kry gereeld aanvalle van padwoede in die verkeer. Die ander kinders by die skool noem die Estoire-kindere plotrotte, behalwe vir Chris. Sy het 'n rugbyspeler 'n blouoog gegee oor daardie benaming. Chris se oudste broer is in die tronk en almal weet daarvan. Terwyl hulle skool toe ry, dink Hoender aan die zombieflik wat Drikus wil maak. Hy dink aan die uitbreking van 'n zombieplaag en hoe almal in die bussie daarop sal reageer.

Drikus word tuis onderrig deur sy ma as gevolg van sy siekte-toestand. Drikus het ook 'n tuisverpleegster wat deur sy oupa betaal word.

Toe Hoender, soos afgespreek, daardie middag by Drikus opdaag, is alles gereed om die flik te begin skiet: 'n titel, 'n plakkaat, 'n storielyn en kammabloed. Hoender se hand word vol kammabloed gesmeer en dan begin die aksie. Drikus skakel sy kamera aan, hou dit voor sy gesig en begin vertel van die uitbreking van 'n zombieplaag. Sy hond, Cheetah, word nou "Killer" wat hom tot die bittere einde sal beskerm.

## **POST-LEES**

### **Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf**

#### **Hoofstuk 5 & 6 (bl. 24-34)**

- 1.1. Wat verwag jy van 'n woongebied met die Franse naam "Estoire"?
- 1.2. Die Franse woord "estoire" beteken "geskiedenis" of "storie". Dink jy dit is 'n gepaste naam, veral as jy in ag neem hoe dit daar lyk? Motiveer jou antwoord.
2. Voltooi die tabel op die volgende bladsy om die verskille tussen die Estoire-plotte en deftige plotte aan te dui.

Deftige plotte	Estoire-plotte
2.1. Deftige huise	2.1.
2.2.	2.2. Kwaai basterbrakke om eiendom te beskerm
2.3. Netjiese grasperke	2.3.
2.4. Roosbome	2.4.

3. Hoe weet jy dat die kinders by die skool neersien op die Estoire-kinders?
4. Van watter plot-kind word daar 'n uitsondering gemaak en hoekom?
5. Die bussie waarmee die plot-kinders skool toe ry is oud en gedaan. Watter gevolge hou dit vir die kinders in?
6. Waaraan maak die bussiebestuurder, oom Hotklou Haasbroek hom skuldig in die verkeer?
7. Wat is algemene kennis rakende Chris se broer?
8. Wat impliseer Hoender as hy sê hy dink soms die tweeling, Mandi en Jolandi, deel 'n brein?
9. Drikus is ernstig oor die maak van sy eie fliëk. Noem drie dinge om dit te bewys.
10. Hoe noem ons die soort onderrig wat Drikus ontvang?
11. Noem twee verskille tussen Drikus en Hoender se onderrig.
12. Marinda het 'n sin vir humor. Stem jy saam? Gee 'n rede vir jou antwoord.
13. Drikus beweer dat sy ouers nie 'n tuisverpleegster kan bekostig nie en tog het hulle vir Marinda aangestel. Waar kry hulle die geld om haar te betaal?
14. Watter verandering ondergaan Cheetah om 'n rol in Drikus se fliëk te kry?

## Aktiwiteit 4: Dink en skryf

### • E-pos

Daar draai op die oomblik 'n rolprent wat jy baie graag wil sien. Stuur 'n e-pos aan jou vriend/vriendin en nooi hom/haar uit om dit saam met jou te gaan kyk. Gee redes vir jou keuse. Onthou ook om te sê waar die fliëk vertoon word, hoe julle daar sal kom en na watter vertoning jy wil gaan (tyd).

- **Padwoede**

Skryf vyf **wenke** neer wat padgebruikers kan volg om padwoede te voorkom.

## **Hoofstuk 7 & 8 (bl. 35-46)**

### **PRE-LEES**

#### **Aktiwiteit 1: Dink en praat**

- **Sakgeld**

- Hoender verdien sy eie sakgeld met sy eierverkope. Kry jy sakgeld of verdien jy jou eie geld?
- Indien jy sakgeld kry, vertel by wie jy dit kry, hoeveel jy kry en wat jy daarmee doen.
- Indien jy wel jou eie sakgeld verdien, vertel vir die klas hoe jy dit verdien, wat dit alles behels en wat jy met jou geld doen.

- **Lotto**

Hoender se oom Hendrik koop gereeld Lotto-kaartjies en kyk ook na die Lotto-trekking op TV.

- Waarom koop mense Lotto-kaartjies?
- Mag jy 'n Lotto-kaartjie koop? Sê waarom/waarom nie.
- Ken jy iemand wat gereeld Lotto-kaartjies koop? Vertel van die persoon en sy/haar beheptheid met die Lotto.
- Ken jy iemand wat al 'n redelike of 'n groot bedrag geld met die Lotto gewen het. Vertel van hom/haar.
- Sal jy Lotto-kaartjies koop as jy ouer is? Gee redes.

- **Bespreek die voor- en nadele van loterye.** Dink byvoorbeeld aan die volgende:

- Is daar regtig finansiële sekerheid vir die wenner en sy naastes?
- Het wenners kennis van 'n begroting?
- Kan wenners obsessief of paranoïes raak oor wengeld?
- Baat liefdadigheidsorganisasies by lotery-inkomste?
- Kan wenners op die een of ander manier lastig geval of dalk gedreig word?

- Teer loterye op arm en ongedissiplineerde mense?
- Kan loterye dobbelary aanmoedig?
- Wie, behalwe die weners, baat by lotery-inkomste?

## Aktiwiteit 2: Woordeskat

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**snap:** begryp, verstaan

**Hulle vermoed 'n bende jongmense sit agter die inbrake:** Hulle ag dit waarskynlik dat 'n bende jongmense verantwoordelik is vir die inbrake.

**vir kwaadgeld rondloop:** niks te doen hê nie, leeglê

**skoonheidsterapie:** 'n beroep waarin die uiterlike skoonheid op verskillende maniere en met allerlei middele en toestelle versorg word

**entrepreneur:** iemand wat 'n nuwe rigting in besigheid inslaan

**bot:** onbeskof

**grinnik:** grynsend lag

**te groot vir jou skoene:** parmantig, vrypostig wees

**boerpot:** die totaal van opgehoopte geld en pryse wat gewen kan word by dobbelary/loterye/wedrenne

**koster:** opsigter oor kerkeiendom wat onder andere die kerk skoonhou en begrafnisreëls

**pensioen:** gereelde betaling deur werkgewer of staat aan werker nadat hy aftreeouderdom bereik het

**iets opdinges:** iets verkeerd laat gaan

**quad bike:** vierwielmotorfiets

**veronderstel:** as waar aanneem

**uit-en-gedaan-stem:** stemtoon wat aandui dat dit heeltemal klaar en verby is

**klou vir 'n vale:** met alle mag klou

**uitgelate:** uitbundig, vrolik, vol blydschap

**lyndraad:** draadheining langs 'n grens

**stokkerig loop:** stywe manier van loop

**beetkry:** met die hande pak, vasgryp

**hok (ww.):** belet om bepaalde plek/terrein te verlaat (as strafmaatreël)

**proes van die lag:** uitbars van die lag

**amptelik:** offisieel

## **Opsomming (bl. 35-46)**

Hoender gaan huis toe nadat hy en Drikus die zombieflik begin skiet het. Aan tafel lig sy ma hom en Cindy in dat daar weer 'n inbraak by Moosa se kafee was en noem dat die polisie 'n bende jongmense verdink. Sy gee ook haar opinie oor jongmense se betrokkenheid by misdaad. Cindy praat bitsig met haar ma en beweer haar ma weet glad nie wat in die wêreld aangaan nie, vanweë haar tuisblyery.

Bruce daag op om Cindy weer uit te neem en word deur haar ma berispe omdat hy nie by haar reëls hou nie. Bruce steur hom egter nie aan mevrou Retief nie.

Op pad na sy slaapkamer gaan Hoender eers by sy ma se kamer in om sy oorlede pa se leerbaadjie te kry.

Drikus trek die baadjie die volgende oggend aan vir 'n toneel in sy flik. Hoender sit 'n zombiemasker op. Sonder Marinda se toestemming ry Drikus met Hoender en Cheetah agter op sy motorfiets die veld in om 'n toneel daar te gaan skiet. Nadat Hoender afgeklim het, moet hy agter 'n boom uitspring en na Drikus gryp as hy verbyry. Hoender moet hom soos 'n zombie gedra. Cheetah byt amper vir Hoender omdat hy vreemd lyk met die masker op. Chris sien die hele gedoente en lag so hard dat hulle haar hoor.

## **POST-LEES**

### **Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf**

#### **Hoofstuk 7 & 8 (bl. 35-46)**

1. Waarna verwys die volgende woorde in hoofstuk 7 se titel?
  - 1.1. kwaadgeld
  - 1.2. leerbaadjie
2. "Hulle het weer die naweek by Moosa se kafee ingebreek." (bl. 35) Wie word verdink van die inbraak?
3. Wat is die oorsaak, volgens Hoender se ma, van jongmense se betrokkenheid by misdaad? Noem twee oorsake.
4. Sê in jou eie woorde wat dit beteken as iemand vir kwaadgeld rondloop.
5. Hoe sou jy die verhouding tussen Cindy en haar ma beskryf? Gee 'n rede vir jou antwoord.



6. “Daai mannetjie is hopeloos te groot vir sy skoene.” (bl. 37)
  - 6.1. Wat beteken bogenoemde uitdrukking?
  - 6.2. Na wie word hier verwys?
  - 6.3. Stem jy saam met mevrou Retief? Gee ’n rede vir jou antwoord.
7. Waarom kyk Hoender nie na die Lotto-trekking op TV nie?
8. Hoender se ma werk nie. Hoe kom sy finansiëel oor die weg?
9. “Een van die dae sal my spaargeld genoeg wees ...” (bl. 38)  
Wat is die funksie van die beletselteken of stippel?
10. “Ons het die baadjie nodig,” fluister ek sag. (bl. 39)
  - 10.1. Vir wie fluister Hoender?
  - 10.2. Na wie verwys “ons”?
  - 10.3. Waarvoor het hulle die baadjie nodig?
  - 10.4. Haal ’n sin aan op bl. 39 wat daarop dui dat Hoender skuldig voel omdat hy die baadjie gaan vat.
11. Hoofstuk 8 begin met Marinda se antwoord: “Oor my dooie liggaam.”
  - 11.1. Wat sou Drikus se vraag aan Marinda wees?
  - 11.2. Wat beteken die uitdrukking “oor my dooie liggaam”?
  - 11.3. Moet Drikus die antwoord letterlik of figuurlik opneem?
12. Waarom wil Drikus so dringend op sy motorfiets ry?
13. “My pa kom eers vyf uur van die werk af en my ma is winkels toe.” Wat wil Drikus met hierdie woorde te kenne gee?
14. Watter negatiewe gevolge kan ’n motorfietsrit dalk vir Drikus inhou?
  - 15.1. Watter rol vertolk Hoender in die flik?
  - 15.2. Hoe kry Hoender dit reg om ’n oortuigende zombie te wees?
16. Kies die korrekte antwoord.  
Cheetah grom en gryp Hoender aan die broekspyp, want hy ...
  - A wil speel.
  - B hou nie van Hoender nie.
  - C wil Drikus beskerm.
  - D is opgewonde.
17. Wie het vir Hoender en Drikus dopgehou?

## Aktiwiteit 4: Dink, doen navorsing en praat

### • Toespraak

Mevrou Retief skryf die toename in jeugmisdaad toe aan werkloosheid en die gebrek aan dissipline in skole.

Kies een van die oorsake (werkloosheid of gebrek aan dissipline in ons skole), doen navorsing daaroor en berei 'n toespraak daaroor voor. Gee aandag aan die volgende:

- Oorsake
- Gevolge
- Oplossings

- Skryf 'n **paragraaf** van 8-10 reëls wat so begin: As ek die Lotto wen ...

## Hoofstuk 9, 10 & 11 (bl. 47-57)

### PRE-LEES

#### Aktiwiteit 1: Dink en praat

- Hoender dink aan die **dood en doodgaan** en vergelyk dit met die getal nul. Dink jy ooit daaraan? Wanneer en waarom dink jy aan doodgaan?
  - Was jou gedagtes aan die dood positief of negatief? Gee redes.
  - Behoort 'n mens aan die dood te dink? Gee redes.
  - Is dit normaal vir kinders om aan die dood te dink? Gee redes.
- Oor **fietsry** (rondom die wêreld).
  - Die man na wie daar in die titel van hoofstuk 11 verwys word, is Thomas Stevens. Hy het vanaf 22 April 1884 – 17 Desember 1886 met een van die eerste fietse om die wêreld gery. Hy het in die daaropvolgende jaar (1887) 'n boek gepubliseer met die titel *Around the world on a bicycle*. Lees gerus op die internet meer oor hierdie merkwaardige man.
  - Sien jy kans om per fiets reg rondom die wêreld te ry?
  - Watter eienskappe moet 'n mens hê om so 'n tog te onderneem?

- Ry jy soms/gereeld met 'n fiets? Wanneer, waarheen en waarom ry jy?
  - Het jy al aan fietswedrenne deelgeneem? Vertel daarvan.
- Noem die gebruike van die **internet** en sê waarvoor jy dit gebruik? Dink onder andere aan:
    - inligting;
    - kommunikasie (sosiale netwerke);
    - nuus (plaaslik en internasionaal);
    - navorsing;
    - opvoeding (e-boeke en aanlyn kursusse);
    - transaksies en besighede;
    - vermaak;
    - en krisis- of gevaarsituasies (mediese inligting, aanlyn-dokter se diens, inligting oor omgewingsgevaar).

## Aktiwiteit 2: Woordeskat

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**Einstein** (14 Maart 1878-18 April 1955): 'n Teoretiese fisikus wat as die grootste wetenskaplike van die 20ste eeu beskou word. In 1999 is hy deur *Time Magazine* as Persoon van die Jaar benoem. Die naam Einstein is sinoniem met 'n hoë intelligensie.

**My gesig word vuurwarm:** Ek bloos.

**nie 'n bang haar op jou kop hê nie:** vreesloos wees

**regisseur:** iemand wat toneelspelers afrig

**sweerlik:** sekerlik, voorwaar

**'n lendelam skuur:** 'n bouvallige pakhuis/stoor

**akkuraat:** noukeurig, presies

**'n feitelike opstel:** 'n opstel bestaande uit feite

**debatteer:** debat voer, 'n onderwerp bespreek

**sin maak:** betekenis hê

**ompraat:** iemand van mening laat verander

**die ratte knars:** die ratte maak 'n krassende, skurende geluid

**data-analis:** iemand wat gegewens ontleed

**voorspel:** sê wat in die toekoms gebeur, profeteer

## **Opsomming (bl. 47-57)**

Drikus vertel vir Chris van sy zombieflik en sy sukkel om haar lag te bedwing. Chris weet nie Drikus het kanker nie en spot met hom dat hy seker die held van die flik is omdat hy nie 'n bang haar op sy kop het nie. Toe Chris hoor dat Drikus 'n ou skuur en 'n meisie vir sy flik benodig, sê sy dat sy die perfekte plek het. Drikus sê Chris kan sommer die rol van die meisie vertolk.

Marinda is smoorkwaad toe Drikus en Hoender met die motorfiets tuiskom. Drikus probeer haar oortuig hy wil nie heeldag in die bed bly nie; hy is nog nie dood nie. Marinda belowe om stil te bly oor die voorval.

Daardie nag sukkel Hoender weer om aan die slaap te raak en dink aan die dood. Hy wonder of Drikus ook soms daaraan dink, veral omdat daar volgens sy dokter 'n 60%-kans is dat hy sal doodgaan as gevolg van die kanker. Hoender dink ook aan die getal nul en vergelyk doodgaan daarmee.

Marinda het Drikus se ouers omgepraat dat Drikus by Hoender kan gaan kuier. Die seuns neem Hoender en oom Hendrik se fietse en ry om Chris te ontmoet, sodat sy hulle na die skuur kan neem. Terwyl hulle ry, vertel Hoender vir Drikus van die interessante inligting wat hy op die internet kry. Hy vertel ook van sy liefde vir syfers wat hy van sy oorlede pa gekry het.

## **POST-LEES**

### **Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf**

#### **Hoofstuk 9, 10 & 11 (bl. 47-57)**

- 1.1. Wanneer word iemand gewoonlik "Einstein" genoem?
- 1.2. Is Chris ernstig wanneer sy Hoender Einstein noem?
- 1.3. Kies die korrekte antwoord.

"Hoender is 'n Einstein" is 'n voorbeeld van ...

- A 'n vergelyking
  - B personifikasie
  - C 'n metafoor
  - D klanknabootsing
2. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is: Hoender bloos oor die benaming "Einstein". Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling op bl. 47.

3. “Ek sien jy het nie ’n bang haar op jou kop nie.” (bl. 48)
  - 3.1. Is dit ’n letterlike of ’n figuurlike interpretasie?
  - 3.2. Wat beteken dié uitdrukking?
4. Drikus sê niks toe Chris na sy kaalkop verwys nie en Hoender voel jammer vir hom. Waarom voel Hoender jammer vir Drikus?
5. Hoender hou skielik “sommer dadelik op om jammer vir Drikus te voel” (bl. 48).  
Waarom is die skielike verandering toe te skryf?
6. Drikus benodig ’n wegkruipplek en ’n meisie vir sy fliek. Hoe help Chris hom daarmee?
7. “Wonder Drikus ook partykeer oor die dood?” (bl. 50)
  - 7.1. Wat impliseer die woord “ook” in bogenoemde aanhaling?
  - 7.2. Dink jy Drikus dink wel aan die dood? Gee ’n rede vir jou antwoord.
8. Toe Hoender en Drikus tuis kom, is Marinda smoorkwaad. Het sy rede? Gee ’n rede vir jou antwoord.
9. “Ek is nog nie dood nie!” (bl. 51)  
Drikus se antwoord impliseer twee teenstrydige betekenis. Noem hulle.
10. Watter woord pas NIE?  
Drikus ervaar emosies van ...
  - A vreugde.
  - B frustrasie.
  - C moedeloosheid.
  - D desperaatheid.
11. “Moenie dat hy (Drikus) weer so iets aanvang nie, asseblief.” (bl. 51)  
Kies die antwoord wat die beste pas.  
Die “so iets” in bogenoemde aanhaling beteken iets wat ... is.
  - A onveranderlik
  - B onverantwoordelik
  - C onverbiddelik
  - D onvermydelik
- 12.1. Waarmee word die getal nul op bl. 53 vergelyk?
- 12.2. Dink jy die vergelyking is geslaagd. Gee ’n rede.
- 12.3. Maak jou eie vergelyking met “die dood” of “doodgaan”.
13. Haal ’n sin aan op bl. 56 wat vir ons sê wat aanleiding gegee het tot die titel van hoofstuk 11.

14. Drikus se woorde, naamlik dat hy nog nie dood is nie, het Marinda laat nadink oor sy situasie. Hoe weet ons dit?
15. Op watter manier brei Hoender sy algemene kennis uit?
16. Sê na wie/wat die onderstreepte woorde in die volgende aanhaling verwys:
- 16.1. "Dit was 'n groot gesukkel om haar te oortuig dat ek vanmiddag by jou moet kom kuier." (bl. 54)
- 16.2. "Ek was nog nooit in 'n regte, egte aktrise se huis nie." (bl. 55)
- 16.3. "Hulle was my pa s'n." (bl. 55)
- 16.4. "Ry jy met myne." (bl. 55)
- 16.5. "Gelukkig is die plek waarvan Chris gepraat het nie ver nie." (bl. 56)
17. Wat het Hoender en sy oorlede pa in gemeen?
18. Hoe het sy liefde vir syfers die beroepskeuse van Hoender se pa beïnvloed?
19. Hoender sê vir Drikus hy oorweeg dit om ook 'n data-analis te word. Hoekom, dink jy, sê Drikus niks daarop nie?

## Aktiwiteit 4: Kry inligting en skryf

### • Beroep

Hoender wil graag 'n data-analis word. Watter beroep wil jy eendag volg? Hier volg 'n lys van faktore wat in ag geneem moet word wanneer jy 'n beroep kies. Trek die tabel oor in jou boek en voltooi die regterkant daarvan na aanleiding van die beroep wat jy oorweeg.

1. Beroep	
2. Persoonlikheid	
3. Karaktereienskappe	
4. Belangstellings	
5. Waardes	
6. Beperkings	
7. Geleenthede	

## Hoofstuk 12, 13 & 14 (bl. 58-74)

### PRE-LEES

#### Aktiwiteit 1: Dink en praat

- **Wiskunde** word dikwels bestempel as 'n probleemvak vir leerders. Neem jy wiskunde? Hou jy daarvan of ervaar jy wiskundeangs? Gee redes.
  - Het jy dit altyd maklik/moeilik gevind? Wanneer het daar 'n verandering ingetree? Waaraan sou jy die verandering toeskryf?
  - Wat kan gedoen word om wiskunde vir leerders aanloklik te maak?
  - Wat kan ouers doen om kinders van jongs af bekend te stel aan wiskundige begrippe?
- Watter vorms van **straf** word in jul skool toegepas?
  - Het dit die gewenste uitwerking op oortreders? Gee redes.
  - Het jy al 'n detensie gekry? Waarom?
  - Dink jy detensie is 'n gepaste straf vir oortredings? Gee redes.
  - Watter straf sou jy verkies as jy 'n oortreding by die skool begaan?

#### Aktiwiteit 2: Woordeskat

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**dwarrel:** onreëlmatig draai, in kronkels beweeg

**ghries:** sagte, vetterige smeermiddel

**onwettig:** in stryd met die wet

**vuurwapen:** enige wapen waarmee koeëls afgevuur word

**aanrand:** met geweld aanval/seermaak

**dwarsboming van die gereg:** die gereg teëwerk

**benul:** begrip

**nie die vaagste benul:** niks daarvan verstaan nie

**goedkeur:** aanvaar

**oftewel:** of anders

**depressing:** neerdrukkend

**sy verpes my:** sy kan my nie verdra nie

**my oë dwaal:** my oë kyk in die rigting van

**by voorbaat:** vooraf

**moorddadig:** wreed

**sy is 'n ou draak:** sy is 'n onuitstaanbare, haatlike persoon

**strafkamp:** kamp waarheen misdadigers/oortreders gestuur word om straf uit te dien

**briesend:** woedend, baie kwaad

**rangskik:** volgens kenmerke in groepe indeel, kategoriseer

**knipoog:** knipbeweging van die oog as teken van verstandhouding

**dikbek:** onvriendelik, nors, kwaad



## **Opsomming (bl. 58-74)**

Hoender, Drikus en Chris kom by die skuur aan. Dit is haar oom se plek, maar haar ma huur dit om haar broer se motor, meubels en ander besittings daarin te bêre. Drikus is nuuskierig en wil weet waar Chris se broer is en word meegedeel dat hy in Groenvlei, 'n tronk, is. Hy het 'n hele reeks oortredings begaan, onder andere inbraak en die besit van 'n onwettige wapen. Drikus vra ook uit oor die goed in die skuur, maar Chris word kwaad en sê hulle moet die goed uitlos.

Drikus verduidelik die toneel wat geskiet gaan word en Chris wys hom op ongerymdhede. Hy sal moet verduidelik hoekom hy nou te voet en sonder 'n hond is. Drikus jok vir Chris oor die rede waarom hy nie sy motorfiets gebruik nie; hy sê hy is gehok.

Die volgende dag kry Hoender detensie omdat hy nie oplet in die wiskundeklas nie. Om alles te kroon is dit 'n Vrydag en die leerders wat saam met hom in die bussie ry, sal 'n uur lank vir hom moet wag. Hy doen sy huiswerk en sommer ook 'n ou wiskunde-vraestel wat hy op die lessenaar tussen die proefonderwyser se papiere kry.

Toe Hoender tuiskom, gaan hy, Drikus en Chris dadelik skuur toe om verder aan die fliek te skiet. Drikus het kammabloed en 'n speelgoedpistool saamgebring. Chris wys Drikus daarop dat hy nie 'n wapen in die vorige toneel gehad het nie. Drikus (Brad in die fliek) verander die storielyn en Chris sal nou die pistool te voorskyn bring om hom van 'n zombie te red. Drikus merk ook op dat daar weer nuwe goed in die skuur is, onder andere 'n musiekstel wat hy sou wou gebruik om agtergrondmusiek te speel terwyl die fliek geskiet word. Chris waarsku egter weer dat die seuns die goed moet uitlos.

## **POST-LEES**

### **Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf**

#### **Hoofstuk 12, 13 & 14 (bl. 58-74)**

1. Beskryf die skuur waarheen Chris die seuns neem in ongeveer vier reëls.
2. Kies die korrekte antwoord.

“Die deur skuif klaerig oop” is ’n voorbeeld van ...

A ’n vergelyking.

B ’n metafoor.

C klanknabootsing.

D personifikasie.

3. Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul:

Die skuur behoort aan Chris se **3.1** ..., maar haar ma **3.2** ... dit by hom. Chris sê die goed in die skuur is haar **3.3** ... s’n. Hulle kan die plek gebruik, want haar broer is in die **3.4** .... Hy het verskeie **3.5** ... begaan, soos inbraak en aanranding.

4. Hoe reageer Chris op Drikus se uitvraery na haar broer?
5. Hoe, dink jy, voel Chris oor die feit dat haar broer in die tronk is?
6. Waaruit kan jy aflei dat Chris vir haar broer omgee?
7. Daar is drie mikrogolfoonde in die skuur. Hoekom so baie?
8. Watter leuen vertel Drikus vir Chris en hoekom doen hy dit?
9. Noem drie onlogiese dinge wat Chris raaksien in Drikus se plan vir die gebeure in die fliet. (bl. 60, 61, 72)
10. Hoekom is dit onlogies dat Drikus nou skielik ’n wapen het?
11. Watter oplossings is daar vir die probleme wat Chris uitgewys het?
12. Drikus vra Chris om haar lang hare los te maak vir die fliet. Hoekom lyk Hoender verleë as sy dit doen?
13. Wat merk Drikus op toe hulle die skuur vir die tweede keer besoek?
14. Chris se broer is in die tronk. Hoe kom die goedere dan in die skuur?
15. Vul die ontbrekende woorde in die volgende paragraaf in: Vir juffrou Fourie bestaan daar twee soorte probleme, naamlik **15.1** ... en **15.2** .... Die onderwyseres hou nie van Hoender nie omdat hy haar ’n **15.3** ... manier wou wys om ’n som se antwoord te kry. Hoender sorg dus dat sy punte in wiskunde nie te **15.4** ... is nie, sodat die juffrou nie moet dink hy hou hom **15.5** ... nie. In een van die juffrou se lesse het Hoender **15.6** ... geteken in plaas daarvan om te luister. Sy straf was om dieselfde middag **15.7** ... te sit.
16. Wat doen Hoender in die detensie-klas nadat hy sy huiswerk gedoen het?

17. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:  
Hoender se pa het daartoe bygedra dat sy seun wiskunde geniet.  
Gee 'n rede vir jou antwoord.
18. Dink jy juffrou Fourie kweek 'n liefde vir wiskunde by haar leerders? Gee redes vir jou antwoord.
19. Hoender vergelyk die doen van wiskunde met die vertel van 'n storie. Wat sal die wiskundige terme vir die volgende wees:  
19.1 die vertel van die storie en  
19.2 die gelukkige einde?

## **Aktiwiteit 4: Dink en skryf**

### **• Dialoog**

Jy is Hoender wat detensie moes sit omdat jy nie aandag in die wiskundeklas gegee het nie. Jou ma weet nie daarvan nie en is doodbekommerd. Jy kom 'n uur later as gewoonlik tuis. Skryf die gesprek tussen jy en jou ma toe jy eindelijk tuiskom. Elkeen moet minstens vyf spreekbeurte hê.

- Hierdie “metode” om wiskunde te doen, verskyn op die internet:

### **Hoe om wiskunde te doen.**

Stap 1: Skryf die vraag neer.

Stap 2: Huil.

Skryf jou eie metode/stappe neer.

## **Hoofstuk 15, 16 & 17 (bl. 75-87)**

### **PRE-LEES**

#### **Aktiwiteit 1: Dink en praat**

- Het jy al 'n dag beleef wat sleg begin het, maar dan wonderbaarlik verander in 'n wonderlike dag wat jy altyd sal onthou? Vertel daarvan.

- Sit jy en jou ouers soms vas oor sekere dinge? Waaroor baklei julle?
  - Wat doen jou ouers wat jou kwaad maak? Wat doen jy wat jou ouers irriteer en op 'n bakleiery uitloop?
  - Hoe los julle julle geskille op?
- Volwassenes dink dikwels dat kinders nie rou oor die dood van 'n geliefde nie. Soms is die ouers self so getraumatiseer dat hulle nie die kinders kan help om hul verlies te verwerk nie.
  - Het jy enige ervaring van so 'n situasie? Vertel wat gebeur het.
  - Bespreek wat alles gedoen kan word om kinders te help om hulle leed te verwerk ná die dood van 'n geliefde.

## Aktiwiteit 2: Woordeskat

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**Limousine:** weelderige motor waar die passasiersgedeelte deur 'n afskorting van die bestuurder geskei is

**krat:** latwerk-kis, groentekis

**iemand 'n lift gee:** iemand oplaai/'n saamrygeleentheid gee

**groeimeel:** kos vir kuikens wat groei bevorder

**wetenskaplike:** natuurgeleerde, navorser

**pi:** die verhouding tussen 'n sirkel se omtrek en sy deursnee

**omtrek:** lengte van die buitelyn

**deursnee:** lengte van die middellyn

**pedale:** trapmeganismes aan fiets om wiele te laat draai

**aanpor:** aanmoedig, aanhits

**grootoog aankyk:** verbaas aankyk

**wapper:** in die wind waai

**teëkom:** ontmoet, aantref, raakloop

**destyds:** lankal, toe, eertyds, toentertyd

**bles:** seën

**verward:** deurmekaar

**mishandel:** sleg behandel

**jou pa is weg:** jou pa is dood

**twak:** tabak

**outydse plate:** grammofoonplate

**migraine:** kwaai hoofpyn, skeelhoofpyn

**naskeermiddel:** vloeistof wat aan gesig gesmeer word nadat geskeer is

## Opsomming (bl. 75-87)

Hoender, Drikus en Chris het baie pret wanneer hulle na die vorige video-opname van die fliëk kyk, omdat Chris so deurmekaar geraak het met haar woorde. Chris wil weet hoe die fliëk gaan eindig en Drikus antwoord dat dit met 'n groot toneel moet eindig, waar 'n skare zombies die skuur aanval. Drikus glo hy en Hoender sal 'n plan kan maak om 'n skare zombies bymekaar te bring.

Chris wil nie huis toe stap nie en Hoender laai haar voor op sy fiets. Hy is intens bewus van haar nabyheid en skoonheid. Hulle ry eers saam met Drikus tot by Hoender se huis, waar sy ma hom kom oplaai. Chris vind die kuikentjies baie oulik. Op pad na Chris se huis toe vertel Hoender haar allerlei wetenskaplike oordele oor die wiskundige term *π*. Vir Chris is dit lekker om na Hoender te luister, want gewoonlik is hy maar stil. Toe Hoender Chris voor haar huis aflaai, soen sy hom onverwags.

Terug by sy eie huis word Hoender kil deur sy ma ingewag. Aan tafel konfronteer sy ma hom oor die leerbaadjie wat weg is. Hoender verduidelik dat hulle dit geleen het vir 'n fliëk. Sy ma beskuldig hom daarvan dat hy geen respek het vir sy oordele nie. Tussen sy trane wys hy sy ma daarop dat hulle voortgaan asof niks gebeur het nie en nooit oor sy pa se dood praat nie. Hoender word stilgemaak deur sy ma wat hom 'n vuurwarm klap op sy wang gee.

Die uitbarsting aan tafel het moontlik aanleiding daartoe gegee dat Hoender daardie aand dink aan die dinge van sy pa wat hy sal onthou, onder andere hoe sy pa hom in graad twee al geleer het om langdeelsomme te doen. Hy dink ook aan Drikus en die moontlike redes waarom hy die fliëk wil maak. Hy kry ook 'n plan hoe hulle baie zombies vir die slottoneel bymekaar kan kry.

## POST-LEES

### Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf

#### Hoofstuk 15, 16 & 17 (bl. 75-87)

1. Kies die woord wat die beste pas in onderstaande sin:  
Drikus beplan dat sy fliëk op 'n ... manier moet eindig.  
A groterige  
B groter  
C grootste  
D grootse

2. Chris sit voor op Hoender se fiets en sy laat blyk dat sy gereeld na Hoender kyk, ook in die skoolbussie. Wat neem sy altyd waar?
3. Chris wil nou hê Hoender moet haar iets vertel. Hy vertel haar van pi. Verduidelik wat pi is.
4. Chris verstaan nie alles wat Hoender sê nie; tog geniet sy dit. Hoekom?
5. "Dit kan lyk of jy die goorste dag op aarde gaan hê en dan word dit skielik een van die lekkerste dae ooit." (bl. 75)  
Wat maak Hoender se dag so besonders?
6. Hoender gaan lewer eiers af by tannie Hantie wie se man al meer as tien jaar dood is. Waaroor laat dit Hoender wonder?
7. "My woorde droog op toe ek my ma se gesig sien." Skryf drie woorde neer wat mevrou Retief se gesig op daardie oomblik beskryf.
8. Plaas die volgende gebeure aan tafel daardie aand in die korrekte volgorde:
  - 8.1. Hoender skree dat sy pa nie weg is nie, maar dood is.
  - 8.2. Almal aan tafel is doodstil en Hoender vermoed daar is moeilikheid.
  - 8.3. Hoender sê hulle het die baadjie geleen vir die fliék wat hulle maak.
  - 8.4. Hoender se ma sê sy pa is weg en nou gebruik hulle sy baadjie vir speelgoed.
  - 8.5. Hoender se ma vra of hy en Drikus in die slaapkamer was en waar die baadjie is wat in die kas was.
  - 8.6. Hoender se ma klap hom.
  - 8.7. Hoender beskuldig sy ma-hulle daarvan dat hulle in ontkenning lewe.
9. Watter woord pas NIE?  
As Hoender se ma sê haar man is weg, is dit 'n vorm van ...  
A eufemisme.  
B eufonie.  
C versagting  
D verbloeming
10. Watter ander versagterende woorde word ook gebruik in die plek van die woord "doodgaan"?
11. Watter assosiasie, dink jy, laat Hoender sy bord met vis en skyfies eenkant toe klap?

12. Lees die dinge wat Hoender van sy pa onthou. Watter gevolgtrekking kan jy daaruit maak oor die Retiefs se gesinslewe voor die ongeluk?
13. Hoender voel leeg ná die uitbarsting.
- 13.1. Waarmee vergelyk hy homself?
- 13.2. Is dit 'n geslaagde vergelyking? Gee 'n rede vir jou antwoord.
14. Dit lyk asof Drikus se gesondheid agteruitgaan.  
Wat neem Hoender waar rakende Drikus se gesondheid?

## **Aktiwiteit 4: Dink en skryf**

### **• Gedig**

Hoender onthou sy pa se hande. Skryf 'n gedig oor jou pa/enige iemand anders se hande.

### **• 'n Lys**

Hoender onthou tien spesifieke dinge van sy oorlede pa. Maak 'n lys van tien dinge wat jy sal onthou van jou pa/ma/oupa/ouma.

## **Hoofstuk 18, 19 & 20 (bl. 88-99)**

## **PRE-LEES**

### **Aktiwiteit 1: Dink en praat**

- Was jy al ooit in 'n situasie waar jou **lewe** of iemand na aan jou se lewe **in gevaar** was /bedreig is?
  - Vertel wat gebeur het, watter emosies beleef is en wat gedoen is om lewend te bly.
  - Wat behoort 'n mens te doen wanneer iemand jou met die dood dreig of dreig om iemand na aan jou leed aan te doen? Hier is 'n lys van dinge wat jy kan doen. Wat kan jy byvoeg?
- Kontak die polisie of vertel iemand wat jy vertrou daarvan.
- Hou rekord van datums en tye.
- Versamel bewysstukke, soos SMS'e en e-posse.

- Sorg dat daar iemand by jou is en dat jy te alle tye veiligheidsmaatreëls handhaaf.
  - Wat kan 'n mens alles doen wanneer jy van aangesig tot aangesig gedreig, geïntimideer of geteister word? Hier is 'n lys van dinge wat jy kan doen. Kan jy iets byvoeg?
- Evalueer die situasie.
- Probeer kalm bly en moenie aggressief wees nie.
- Probeer uitvind wat die person/personne van jou wil hê.
- Kyk wie die leier is.
- Besluit of daar 'n ontsnaproete is.
- Wat kan jy doen om die oortreder te probeer weghou?

## Aktiwiteit 2: Woordeskat

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**verskonend kyk:** kyk asof jy verskoning vra

**tien teen een:** heel waarskynlik

**skrefie:** openinkie

**skeefloop:** misluk

**alien:** vreemdeling/ruimtesewer

**virus:** bakterie, kiem

**radioaktief:** beskrywing vir 'n stof wat skadelike straling vrystel

**instinktief:** outomaties

**versteen:** botstil bly staan

**peuter met:** lol met

**skraal:** maer

**uit die bloute:** skielik

**knelgreep:** greep wat vasklem

**dit is tickets met ons:** dit is klaarpraat met ons

**Toetankamen:** Tienerkoning van Egipte. Hy het op tienjarige ouderdom farao geword in 1333 V.C. Hy is vermoedelik dood op 19-jarige ouderdom.

**evidence:** bewys(e)

**jou squeeze:** jou meisie

**weird:** vreemd, snaaks

**smous met eiers:** verkoop eiers

**memory card:** geheuekaart

**jou bek rek oor:** praat oor



**uit die tjoekie operate:** vanuit die tronk werk en planne beraam  
**trust my:** glo my  
**vliese:** dun velletjies as bedekking  
**kenwysie:** wysie wat bepaalde program aandui  
**ignoreer:** nie notisie neem nie  
**pelle:** vriende  
**internasionaal:** wat tussen verskillende nasies/lande bestaan  
**peroksiedwit hare:** witgebleikte hare

## **Opsomming (bl. 88-99)**

Hoender gaan maak 'n pak fotostate by die poskantoor en gaan steek dit onder sy bed weg. Drikus se ma kom laai hom by Hoenderhulle af en vra dat hulle nie rof moet speel nie. Drikus was daardie dag by die spesialis en hoewel dit beter gaan, kan hy nie bekostig om iets oor te kom nie. Hoender en Drikus gaan weer na die skuur toe om die volgende toneel te gaan skiet. Chris is ook by.

Terwyl die kinders nog in die skuur is, word die deur skielik oopgemaak en drie mans kom binne. Hoender het nog die zombiemasker op, maar herken Bruce aan sy stem. Die mans wil weet wat die kinders daar maak en of hulle met die goed gepeuter het. Chris probeer hulle afskrik deur te sê dat dit haar broer se plek is en Hoender stotter dat hulle aan niks geraak het nie. Toe Drikus vra of dit gesteelde goed is, gryp Bruce hom hardhandig aan sy nek. Een van die mans sien Drikus se kamera en dink hy het die gesteelde goedere afgeneem. Bruce gryp die kamera en druk 'n mes teen Drikus se nek. Hoender begin dadelik verduidelik hoe siek Drikus is en dat hy nie mag seerkry nie. Eers toe die zombiemasker van Hoender se gesig af kom, herken Bruce hom. Bruce breek die kamera se geheuekaart middel deur en gee die kamera vir een van die mans.

Bruce dreig om vir Cindy seer te maak as Hoender durf praat. Vir Chris sê hy dat dit slegter sal gaan met haar broer in die tronk as sy iets oor die voorval sê. Daarna vat Bruce die skuur se sleutels by Cindy en hy en sy makkers beveel die kinders om te gaan.

Chris is woedend vir albei seuns omdat hulle haar nie in hul vertrouwe geneem het oor Drikus se siekte nie. Sy voel seergemaak en wil hulle nooit weer sien nie.

Op pad huis toe sien Hoender dat Drikus getraumatiseer is deur die gebeure in die skuur en ook die feit dat sy hele fliék vernietig is. Tuis besin Hoender oor alles deur met die haan, Jesaja, te sit en praat.

## **POST-LEES**

### **Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf**

#### **Hoofstuk 18, 19 & 20 (bl. 88-99)**

1. Watter verband, dink jy, is daar tussen die briljante plan wat Hoender die vorige aand gekry het en die fotostate wat hy by die poskantoor laat maak?

2. “My oë brand van gisteraand se min slaap.” Hoekom het Hoender sleg geslaap?
3. “Dis goeie nuus,” sê ek (Hoender).
  - 3.1 Wat is die goeie nuus?
  - 3.2 Waarom ignoreer Drikus Hoender se opmerking?
4. Waarom is Hoender in die hangkas in die skuur?
5. “Sjuut! “ roep Chris skielik benoud. “Ek hoor iets!” (bl. 92)
  - 5.1 Waarom maak Chris se woorde vir Drikus moedeloos?
  - 5.2 Hoekom herhaal Chris die woorde?
6. Wie kom die skuur binne?
7. Waaruit kan ons aflei dat Bruce die leier van die groep is?
8. Chris probeer die mans afskrik deur te sê die skuur is haar broer se plek. Hoe reageer Bruce hierop?
9. Hoe probeer Hoender vir Drikus beskerm?
10. Bruce knak die videokamera se geheuekaart in twee. Hoekom doen hy dit?
11. “Asseblief ... asseblief ... dis ons fliek ... *Die Einde van die Wêreld* ...” (bl. 95)  
Hoe hou die titel van die fliek verband met Drikus se gemoedstoestand op daardie oomblik?
12. Bruce maak ‘n lang sny met die mes in die rubber van die zombiemasker, van die een oog tot by die mond. Wat suggereer hy daarmee?
13. Gee die ontbrekende woord: “Chris se broer is in die tjoekie” beteken hy is agter ...
14. “Hy (Drikus) het nie belang gestel in enige iets wat ek (Hoender) gesê het nie.” Noem twee dinge wat hierdie stelling bewys.
15. Kies die woord wat NE pas NIE.  
Chris voel ... omdat sy nie oor Drikus se siekte ingelig is nie.  
A gebelg  
B gegrief  
C seergemaak  
D agterdogtig
16. Wat beteken die uitdrukking “kry julle ry”? (bl. 96)

#### **Aktiwiteit 4: Dagboekinskrywing**

Maak die dagboekinskrywing van Drikus **of** Hoender **of** Chris die aand nadat hulle in die skuur getraumatiseer is deur Bruce en sy vriende.

## Hoofstuk 21, 22 & 23 (bl. 100-112)

### PRE-LEES

#### Aktiwiteit 1: Dink en praat

Het een van julle al 'n **inbraak/gewapende roof** by jul huis gehad?

- Waar was jy en jou gesin tydens die voorval?
- Hoe het die dief/diewe toegang tot jul eiendom en huis gekry?
- Is iemand beseer in die voorval? Hoe het dit gebeur?
- Wat is alles gesteel?
- Het julle die polisie ontbied?
- Wat het die polisie alles gedoen toe hulle by die toneel opgedaag het?
- Is julle getraumatiseer deur die inbraak? Het julle berading ontvang?
- Watter emosies het julle tydens die voorval en daarna ervaar?
- Het jou ouers ekstra sekuriteit aangebring ná die inbraak?
- Wat gebeur alles met diewe wanneer hulle gevang word?

#### Aktiwiteit 2: Woordeskat

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**tissues:** sneesdoekies

**tjoklits:** sjokolade

**verbeelding:** geestesvoorstelling

**vassit:** baklei, argumenteer

**bankrot:** sonder geld, insolvent

**op jou tande byt:** uithou sonder om oor te gee

**soutbos:** bos wat op southoudende bodem groei

**stram van die koue:** styf van die koue

**struik:** plant langer as 'n bossie en korter as 'n boom

**laning:** ry bome of struike

**hingsel:** handvatsel

**oorverdowend:** baie hard, om van doof te word

**'n gerammel:** 'n gedreun

**geskik vir:** reg vir

**wegskarrel:** weghardloop

**musieksentrum:** radio met CD-speler en luidsprekers

**stapel kratte:** opmekaargepakte kratte

**luidkeels vloek:** baie hard vloek

**hardhandig:** ru, met geweld

**merchandise:** goedere, handelsware

**die stapel kratte wankel:** die stapel kratte gee mee

**grond toe tuimel:** grond toe val

**my kop draai skielik:** ek voel skielik duiselig

**verstuit:** verswik, uit lit raak

**'n verklaring aflê:** jou weergawe/verduideliking gee (onder eed)

**einde ten laaste:** eindelijk

**met die sak patats vorendag kom:** alles uitlap

## Opsomming

Die aand ná die skuurvoorval slaap Cindy by 'n vriendin. Hoender sal dus nie vir Bruce hoef te sien nie. Hy het planne vir die aand. Toe hy seker is sy ma slaap, kry hy sy rugsak met die vyftig fotostate, 'n flits en 'n ystersaag daarin. Sonder om 'n geraas te maak, ry hy en gaan sit die fotostate in mense se posbusse. Dit is al ná twee uur in die oggend toe Hoender by die skuur aankom. Hy wil Drikus se videokamera gaan haal. Soos hy ver wag het, is daar 'n nuwe slot aan die deur. Hoender saag die hingsel deur, gaan in en trek die deur toe. Dit is pikdonker en hy gebruik sy flits om die bokse een ná die ander deur te soek vir die kamera.

Skielik hoor Hoender 'n motorenjin en sien ligte onder die deur skyn. Hy hoor stemme. Benoud soek hy na 'n wegkruipplek en sien 'n stapel houtkratte wat amper soos 'n stel trappe lyk. Hy voel vir oulaas in die boks waarmee hy besig was, gooi sy rugsak oor sy skouer en klim vinnig boontoe.

Bruce en sy vriende kom in, maar hulle het Hoender nie gesien nie. Die slothingsel wat deurgesaag is, maak hulle egter bewus daarvan dat iemand van die plek weet. Hulle sal dus so gou moontlik die gesteelde goedere moet verwyder.

Die stapel kratte waarop Hoender is, begin wankel en hy val saam met die kratte ondertoe. Hy voel 'n skerp pyn in sy skouer. Hoender maak sy oë oop en sien een van die drie het 'n pistool. Net voordat Hoender sy bewussyn verloor, hoor hy iemand roep dat die polisie daar is.

Toe Hoender weer sy oë oopmaak, is hy in die hospitaal waar 'n dokter hom ondersoek. Hy is nog deurmekaar en sy skouer is seer; hy het dit verstuit. Hy mag egter huis toe gaan. Oom Hendrik is daar om hom huis toe te neem, waar sy ma doodbekommerd op hulle wag. Eers moet hy vrae van die polisie beantwoord. Hulle wag buite die kamer. Hoender vertel hulle alles, van die flietmakery in die skuur tot daardie aand toe hy die kamera wou gaan haal. Die polisie sê hulle soek al lank na Bruce en sy vriende en vra dat Hoender die volgende dag 'n verklaring by die polisiestasie moet kom aflê.

By oom Hendrik hoor Hoender hoe dit gebeur het dat die polisie net betyds by die skuur opgedaag het om hom te red en die diewe te arresteer.

## POST-LEES

### Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf

#### Hoofstuk 21, 22 & 23 (bl.100-112)

1. Is die volgende 'n stelling of 'n feit? Cindy is 'n leuenaar.
  - 2.1 Noem die hooforsaak wat Cindy laat verander het.
  - 2.2 Wie beïnvloed haar nou negatief?
3. Skryf 'n paragraaf waarin jy kortliks sê hoe Cindy voor haar pa se dood was en hoe sy nou is.
4. Wat doen Hoender met 4.1. die fotostate en 4.2. die ystersaag?
5. "Ek dink as jy gewoon is daaraan om by ander mense in te breek, verwag jy nie iemand sal by jou inbreek nie." (bl. 104). Na wie en wat verwys Hoender met hierdie woorde?
6. Waarom gaan Hoender so laat in die nag in die koue na die skuur toe?
7. Waarom stel Hoender sy lewe in gevaar vir 'n kamera?
8. Plaas die volgende tien gebeure in die korrekte volgorde:
  - Dit is pikdonker binne en met sy flits soek Hoender in die bokse na die kamera.
  - Skielik hoor Hoender 'n motorenjin en daarna stemme.
  - Hoender gaan in die vroeë oggendure skuur toe.
  - Iemand rig 'n pistool op Hoender.
  - Hoender beseef hy moet weggroep en klim op 'n stapel kratte.
  - Bruce-hulle kom die skuur binne.
  - Hoender val van die kratte af en beseer sy skouer
  - Hoender verloor sy bewussyn.
  - Hoender hoor iemand skree dat die polisie daar is.
  - Hoender saag die slothingsel deur en gaan binne.
9. "Jy kan bly wees ons het betyds daar aangekom, mannetjie! Dinge kon baie anders uitgedraai het." (bl. 111)
  - 9.1. Na wie verwys "jy" en "mannetjie"?
  - 9.2. Na wie verwys "ons"?
  - 9.3. Hoe kon dinge anders uitgedraai het?
10. Hoender moet 'n verklaring by die polisie gaan aflê. Wat doen 'n mens as jy 'n verklaring aflê?

11. Haal 'n sin aan op bl.110 wat vir ons sê Hoender se ma gee baie vir hom om.
12. Wat dink jy is die opgevoede papier wat Hoender se ma op die kombuisvloer opgetel het?

## **Aktiwiteit 4: Telefoongesprek**

Jy is een van die polisiemanne wat by die skuur opdaag nadat julle 'n oproep van mevrou Retief ontvang het. Jy besef Hoender het seergekry en jy neem hom hospitaal toe nadat julle Bruce en sy handlangers gearresteer het. Jy bel daarna vir mevrou Retief om te sê wat gebeur het. Skryf die telefoongesprek tussen jou en Hoender se ma (mevrou Retief) neer. Onthou, Hoender se ma is dood-bekommerd en jy moet haar gerusstel.

## **Hoofstuk 24, 25 (bl. 113-122)**

### **PRE-LEES**

#### **Aktiwiteit 1: Dink en praat**

- Verduidelik wat **borgtog** is.
  - Wie stel vas of 'n beskuldigde borgtog mag kry?
  - Wat word in ag geneem wanneer daar besluit word of borgtog toegestaan mag word?
  - Watter reëls is daar vir beskuldigdes wat borgtog ontvang?
  - Wat gebeur as die reëls oortree word?
- Was jy al op 'n **rolprentstel**?
  - Wie sal jy almal daar aantref?
  - Wat gebeur alles daar? Dink byvoorbeeld aan die kostuums, grimering, hare, die verfilming en geriewe.



## Aktiwiteit 2: Woordeskat

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**borgtog:** waarborgsom, waarborggeld

**sindikaat:** groep wat saam misdaad pleeg

**senuweeagtig:** prikkelbaar, nerveus

**misdaad:** kriminele handeling

**danksy:** ten gevolge van

**Frankenstein:** Psigoloog in 'n roman wat 'n monster skep wat sy skepper vernietig.

**rugleuning:** deel van stoel of bank waarteen 'n mens se rug leun

**gedoente:** affêre

**vir diens aanmeld:** kom sê dat jy gereed/bereid is om diens te lewer

**jou inlaat vir iets:** jouself blootstel

**wreedaardig:** barbaars, sadisties

**doelgerig:** vasberade

## Opsomming

Hoender bly twee dae tuis nadat hy sy skouer beseer het. Cindy bly ook tuis en kom eers ná twee dae met rooigehulde oë uit haar kamer. Bruce is steeds in die tronk en borgtog sal eers oorweeg word wanneer die res van die sindikaat gearresteer is.

Hoender glip laat Vrydagmiddag uit en ry na Drikus-hulle toe. Drikus se ma ontvang Hoender kil. Voordat sy hom kan aanval, sê Hoender hoe jammer hy is oor alles wat gebeur het, maar dat dit tog goed vir Drikus was dat hy die fliek gemaak het. Hy sê ook dat hy en Chris net vir Drikus wou help. Hoender gee die videokamera, wat hy tog in die hande gekry het, vir Drikus se ma. Net voor hy ry, gee hy die laaste fotostaat vir Drikus se ma.

Die fotostate het mense namens Hoender, Drikus en Chris uitgenooi om zombies te wees in 'n grilfliek. Hulle moet Saterdag, 24 Julie, om vyfuur die middag by die parkie aanmeld. Aanvanklik daag net een persoon op – tannie Hantie, met 'n Frankenstein-masker op. Terwyl hulle wag, vertel tannie Hantie dat sy in die koerant gelees het dat Hoender, Drikus en Chris nou helde is. Sy glo ook dat Chris se broer by die inbrake betrokke was, maar Hoender sê vir haar die polisie het bevestig dat hy niks met Bruce-hulle se inbrekery te doen gehad het nie. Tannie Hantie laat blyk dat sy bewus is daarvan dat Hoender van Chris hou. Sy is ook bewus daarvan dat Chris kwaai is, maar sy raai Hoender aan om moed te hou.

Terwyl Hoender nog wonder waar almal is, daag Drikus, sy ouers en Marinda op. Drikus het sy kamera by hom. Drikus lig Hoender in dat die hele storie nou verander sal moet word. Die laaste toneel van die fliek gaan nou eerste geskiet word, waar 'n hele skare zombies op Drikus en Chris afstorm. Hoender, wat ook 'n zombie gaan wees, gaan Chris byt. Drikus sal dan aan die einde vir Chris moet totsiens sê, want hy gaan self in 'n zombie verander.

Teen vyfuur is daar al een-en-dertig mense, onder andere oom Haasbroek en die plotkinders. Chris en Hoender vra mekaar om verskoning. Dan moet hulle die zombies begin grimeer. Toe almal bymekaar is, verduidelik Drikus die storie.

Almal word meteens stil. Chris sit haar hand saggies teen Hoender se skouer. Almal kyk in stilte hoe Hoender se ma, Cindy en oom Hendrik oor die gras aangeloop kom. Dit is 'n verrassing, want Hoender se ma was vir amper drie jaar nie uit haar huis nie. Cindy glimlag weer vir Hoender en sê sy gaan help met die grimering. Hoender se ma noem haarself 'n *has-been*, maar sal haar bes doen.

## POST-LEES

### Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf

#### Hoofstuk 24 & 25 (bl. 113-122)

1. Hoender gaan vir twee dae nie skool toe nie as gevolg van sy skouerbesering. Cindy gaan vir dieselfde twee dae nie kollege toe nie. Waarom bly sy tuis?
2. Volgens die polisie is dit nie net Bruce en sy vriende wat by die inbrake betrokke is nie. Watter woord op bl. 113 bevestig dit?
3. Hoender gaan Vrydagmiddag na Drikus-hulle toe. Watter twee items wil hy gaan afgee?
4. Hoender begin dadelik praat toe Drikus se ma die deur oopmaak. Hoekom tree hy so op?
5. Dit klink of Hoender homself weerspreek. Waaruit lei ons dit af?
6. Hoekom is Hoender nie jammer dat Drikus die fliiek gemaak het nie?
7. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord met 'n aanhaling:  
Die kinders se betrokkenheid by die vastrek van die inbrekers was nuuswaardig.
8. Vul die ontbrekende woorde in:  
Uiteindelik weet ons watter inligting Hoender se **8.1** ... bevat. Hy, **8.2** ... en ... nooit mense uit om deel te wees van 'n **8.3** ... . Die mense moet Saterdag, 24 Julie om **8.4** ... by die **8.5** ... aanmeld. Hulle gaan die rol van **8.6** ... vertolk. As hulle **8.7** ... het, moet hulle dit saambring.
9. Tannie Hantie ondersteun Hoender in meer as net sy eierverkope. Waaruit kan ons dit aflei?
10. Dink jy tannie Hantie is 'n goeie waarnemer? Motiveer jou antwoord.
11. Watter raad gee sy vir Hoender?
12. Hoe tree Hoender vir Chris se broer in die bres?
13. Tannie Hantie sê mense tree op verskillende maniere op as hulle seerkry. Op watter karakters kan die volgende woorde betrekking hê?
  - 13.1. "Party raak hardgebak en hoop dit sal help dat mense hulle nie weer seermaak nie."

- 13.2. “Ander kruip weg omdat hulle te bang is om weer seer te kry.”
14. Het Hoender-hulle 'n goeie opkoms gehad? Gee 'n rede.
15. Tannie Hantie gee die indruk dat meneer Moosa 'n bietjie suinig is as sy oor die eierpryse kla. Hoe bewys hy (meneer Moosa) die teendeel die dag by die park?
16. Noem drie dinge wat vir ons wys dat Drikus weer entoesiasies is oor sy fliek.
17. “Almal kyk in stilte hoe my ma oor die gras aangestap kom.” Wat, dink jy, wil Hoender se ma te kenne gee met hierdie daad van haar?
18. Waaruit kan ons sien dat Cindy 'n nuwe blaadjie omgeslaan het?
19. Wat bedoel Hoender se ma as sy sê sy is 'n “has-been”?

## **Aktiwiteit 4: Koerantberig**

- Skryf 'n **koerantberig** met die opskrif: **Roofbende danksy skoolkinders vasgetrek.**

## **Hoofstuk 26 (bl. 123-128)**

### **PRE-LEES**

#### **Aktiwiteit 1: Dink en praat**

- Kry jy **ekstra lesse** vir 'n vak waarmee jy sukkel /waarin jy begaafd is?
  - Watter vak?
  - Hoe dikwels kry jy die lesse?
  - Wie bied dit aan?
  - Waar word dit aangebied?
  - Kry jy individuele lesse of is jy in 'n groep?
  - Geniet jy die lesse of nie? Gee redes.
  - Vind jy baat by die lesse? Gee redes.
- Het jy of iemand in jou gesin al enige **skenkings** aan 'n organisasie of instansie soos 'n kerk, weeshuis, skool of skuiling gemaak?

- Aan wie het jy/julle iets geskenk?
  - Waarom is die skenking gemaak?
  - Wat het julle geskenk?
  - Hoe is die skenking ontvang?
  - Hoe het jy/julle van die plek te hore gekom?
  - Sal jy/julle voortgaan om die instansie te ondersteun?
  - Sal jy ander mense aanraai om ook skenkings te maak? Gee redes.
  - Hoe laat dit jou voel om ander mense te help?
  - Het jy dalk al vrywillige diens êrens gedoen? Vertel daarvan.
- Het jy al 'n maat aan **die dood** afgestaan? Hoe het dit jou lewe beïnvloed?

## **Aktiwiteit 2: Woordeskat**

Hier volg die verklarings vir woorde/uitdrukkings uit die teks:

**relativisme:** verhoudingsleer

**dosent:** lektor, persoon wat klasgee by 'n tersiêre inrigting

**die skerm:** die doek

**'n ligte briesie:** 'n ligte windjie

**weerskante:** aan albei kante

**grafsteen:** gedenksteen op graf

**beheerliggaam:** instansie/liggaam wat skool se sake administreer

**besending:** aflewering, goedere wat op een slag versend word

**anoniem:** naamloos

**bewillig:** goedkeur, toestaan

## **Opsomming (bl. 123-128)**

Die tyd gaan vinnig verby en dit is reeds somer. Drikus is dood een oggend terwyl Hoender in die skool was. Nou besoek Hoender gereeld Drikus se graf, en terwyl hy daar sit, vertel hy wat alles in sy lewe gebeur. Hy vertel van sy ekstra wiskundeklas en hoe hy dit geniet. Hy vertel ook van Marinda wat vir oom Hendrik kom kuier het en dat dit lyk asof daar 'n romanse aan die kom is. Van sy ma vertel hy dat sy werk by 'n radiostasie gekry het; sy gaan 'n geselsprogram aanbied. Hy vertel ook hoe hy en Chris saam gaan werk aan 'n taak vir Afrikaans.

Drikus het al hoe sieker geword en was die laaste drie weke van sy lewe in die hospitaal. Hoender het sy ma-hulle omgepraat om 'n projektor te huur en toe het almal in die kankersaal na Drikus se fliëk, *Die einde van die wêreld*, gekyk. Selfs die dokters en verpleegsters het kom kyk en almal het die fliëk terdeë geniet. Hulle het Drikus gelukkig gewens.

Een middag besoek Hoender ook sy pa se graf. Hy vertel vir sy pa dat hy genoeg eiergeld bymekaargemaak het om rekenaars vir Rocklands Primêr te koop. Die skool se besending rekenaars is vernietig in die botsing waarin Hoender se pa oorlede is. Hoender haal 'n koerantknipsel met die berig oor die skenking van die rekenaars uit sy sak en plaas dit onder die blomhouer op sy pa se graf.

## **POST-LEES**

### **Aktiwiteit 3: Lees, dink en skryf**

#### **Hoofstuk 26 (bl. 113-122)**

1. Hoender sê dit is laatmiddag toe hy by Drikus aankom. Waar presies kom hy aan?
2. Waardeer word die stilte van die begraafplaas beklemtoon?
3. Watter woord op bl. 123 dui daarop dat Hoender gereeld daar kom?
4. Watter verwickelinge is daar in die lewens van Hoender se ma en sy oom?

5. Kies elke keer die korrekte woord van dié tussen hakies. Die detensiesittery het Hoender **5.1. (bevoordeel/ benadeel)**. Hy het in die detensieklas 'n wiskundevraestel vir **5.2. (matrieks/ universiteitstudente)** gedoen. Die **5.3. (wiskunde-/proef-)** onderwyser het dit vir **5.4. (dosente/studente)** by die universiteit gewys en Hoender **5.5. (het/is)** gevra om deel te word van 'n wiskundeprogram. Die groep kom **5.6. (maandeliks/weekliks)** bymekaar.
6. Waar is Drikus se fliek eindelik vertoon?
7. Wat is ironies omtrent die titel van Drikus se fliek?
8. Sou jy graag Drikus se fliek wou sien? Gee redes vir jou antwoord.
9. Waarvoor het Hoender al die tyd sy eiergeld gespaar?
10. "Die besending rekenaars is op pad na die skool in 'n botsing vernietig." Na watter botsing word hier verwys?
11. Het Hoender 'n positiewe of 'n negatiewe siening oor die dood? Gee redes vir jou antwoord.

#### **Aktiwiteit 4: Dink en skryf**

- **Dagboekinskrywing**

Jy is Hoender/Marinda. Maak 'n dagboekinskrywing vir die dag waarop Drikus dood is.

- **Elegie** (lykdig/ treurdig)

Kies enige karakter wat baie na aan Drikus was en skryf 'n huldeblyk wat hy/sy by die begrafnis gaan voorlees.

## 4. Ruimte en tyd

---

### Ruimte

Geen vertelling kan bestaan as die karakters nie ruimtelik georiënteer word nie. Dit is 'n kerngegewe in die verhaal, dit is 'n verhaalelement.

Wanneer plekke in 'n verhaal beskryf word op so 'n manier dat daar ekstra betekenis deur die ruimtelike beskrywing en hantering verkry word, word so 'n plek 'n ruimte genoem. Ruimte is dus 'n plek waaraan betekenis geheg word. Ruimte sluit ook alle sintuiglike en emosionele belewenisse in. Ruimte is dus nie net 'n fisiese plek nie, maar ook 'n emosionele en sintuiglike omgewing.

Die plekke waar die karakters in 'n verhaal leef, werk en beweeg het 'n groot invloed op hul lewe. Hul karakter en optrede kan daardeur bepaal word. Dink byvoorbeeld aan Hoender se huis, waar daar positiewe faktore is, soos sy hoenders, en ook negatiewe faktore, soos die neerdrukkende atmosfeer ná sy pa se dood. Daar is ook die skool, waar Hoender bloot 'n plotrot is en verneder word deur die wiskundeonderwyseres, maar waar Chris hom raaksien.

Dan is daar die skuur waar Drikus sy zombieflik skiet, waar die drie kinders getraumatiseer word en waar die roofbende eindelijk vasgetrek word.

Aan die einde van die verhaal word die begraafplaas 'n prominente ruimte.

### Tyd

Die gebeure in die verhaal speel binne 'n bepaalde tydsduur en era af. Die verhaal kan ook chronologies of nie-chronologies vertel word. Daar word onderskei tussen die verteltyd, vertelde tyd en kalendertyd. Die **verteltyd** is die tyd wat nodig is om 'n verhaal te vertel. Dit word uitgedruk in hoofstukke, bladsye, paragrawe en woorde. Die **vertelde tyd** verwys na die tydsverloop in die verhaal, dit wil sê hoe lank die verhaal neem om af te speel. Dit kan byvoorbeeld enkele dae, maande of jare wees.

Die **kalendertyd** dui op die periode of era waarin die verhaal afspeel, byvoorbeeld prehistories, die Middeleeu, die moderne tyd of selfs die toekoms.

Daar kan ook gebruik gemaak word van terugflitse, 'n blik op die toekoms en tydspronge. **Terugflitse** is 'n onderbreking in die normale chronologiese gang van 'n verhaal deur die invoeging van



gebeurtenisse uit die verlede. **Tydspronge** kom voor wanneer die skrywer periodes oorslaan en die verhaal 'n paar dae, weke, maande of jare later hervat.

### **Vrae oor ruimte en tyd**

1. Die grootste deel van die verhaal speel op die plotte (kleinhoewes) in Estoire af. Op bl. 24 lees ons van hierdie plotte. Watter indruk maak die beskrywing van hierdie plotte op jou?
2. Watter indruk skep hierdie beeld (van die plotte) van die mense wat daar woon se huislike omstandighede?
3. Waar tref 'n mens gewoonlik plotte aan?
4. Watter atmosfeer, dink jy, heers in Hoender-hulle se huis en hoe beïnvloed dit diegene wat daar woon?
5. In watter era speel hierdie verhaal af? Motiveer jou antwoord met voorbeelde.
6. Oor hoe 'n lang tyd speel die verhaal af – dit wil sê, hoe lank is die vertelde tyd? Gee redes vir jou antwoord.
7. Waarom, dink jy, gebruik die skrywer terugflitse?
8. Sommer met die aanvang van die verhaal is daar 'n terugflits. Waaraan dink Hoender? Is dit belangrik vir die res van die verhaal? Gee 'n rede.
9. As hoofstuk 26 begin, is die winter en lente reeds verby en dit is somer. Dit is dus 'n paar maande later. Waarvan is dit 'n voorbeeld?

## 5. Vertelperspektief

---

Die persoon wat die verhaal vertel, is die verteller. Die outeur en die verteller is nie dieselfde persoon nie. Daar is drie soorte vertellers:

- 'n **Eksterne verteller** staan heeltemal buite die verhaal. Hoewel hy nie deel van die verhaal is nie, weet hy alles van die karakters en gebeure. Hierdie verteller word ook 'n alomteenwoordige derdepersoonsverteller genoem.
- 'n **Interne verteller** is deel van die verhaal, maar nie noodwendig 'n karakter nie. Hy ken die karakters se gevoelens en gedagtes. Hierdie verteller word ook 'n anonieme/beperkte derdepersoonsverteller genoem.
- 'n **Karaktergebonde verteller** is een van die karakters in die verhaal en laat die leser die storiewêreld vanuit sy eie waarnemings en beskouings ontdek. Daarom is die leser se begrip van hierdie storiewêreld ook beperk tot die verteller se (beperkte) kennis daarvan en opvatting daarvoor. 'n Eerstepersoonverteller (ek-verteller) is 'n voorbeeld van 'n karaktergebonde verteller.

### Vrae oor die verteller

1. Watter soort verteller is in hierdie verhaal aan die woord? Motiveer jou antwoord.
2. Watter nadele is daar verbonde aan die gebruik van 'n ek-verteller?
3. Vind jy hierdie verteller geloofwaardig? Motiveer jou antwoord.

## 6. Karakterisering

---

Karakters is noodsaaklik vir 'n verhaal; sonder karakters is daar geen storie nie. Gewoonlik word daar tussen twee soorte karakters onderskei:

- **Ronde karakters** word as ware mense ervaar. Hierdie karakters ondergaan 'n innerlike ontwikkeling of groei deur die loop van die verhaal.
- **Plat karakters** word nie as volledige mense voorgestel nie en hulle ontwikkel min of glad nie. Hierdie karakters bly meestal tipes, is voorspelbaar, sonder verrassende moontlikhede en kan in enkele woorde geskets word.

In elke verhaal is daar gewoonlik 'n **protagonis** (hoofkarakter) en 'n **antagonis** wat die protagonis teenstaan en hom/haar probeer verhoed om sy/haar doel te bereik. Die verhaal wentel om die protagonis en dit is gewoonlik ook hierdie karakter se gevoelens en gedagtes wat op die voorgrond is. Daar kan meer as een antagonis in 'n verhaal wees. Dit is duidelik dat Hoender die protagonis is, terwyl Bruce as hoof-antagonis optree. Die wiskundeonderwyseres, juffrou Fourie, verhinder Hoender ook gereeld om sy slag met haar vak te wys.

Daar word van **direkte** en **indirekte uitbeelding** gebruik gemaak om 'n karakter te skep. Direkte uitbeelding is wanneer die skrywer direk te werk gaan en openlik vir die leser vertel wie en wat die karakter is, hoe hy lyk en waarom hy op 'n sekere manier optree. Indirekte uitbeelding vind plaas deur dinge wat 'n karakter sê, dink of doen, of wanneer een karakter byvoorbeeld dinge oor 'n ander karakter sê of dink. Vrae wat kan help om karakteriseringstegnieke te herken:

- **Direkte uitbeelding**

- Watter inligting rakende die karakter kom na vore? Hoe lyk hy, watter soort klere dra hy, wat is sy lyftaal en houding teenoor die omgewing en ander karakters?

- Watter kommentaar lewer die verteller op ander karakters?
- Wat doen en sê die karakter en wat kan jy daaruit aflei oor sy/haar persoonlikheid?

• **Indirekte uitbeelding**

- Wat sê en dink die ander karakters van mekaar?
- Watter kommentaar word indirek op 'n karakter gelever deur ander karakters se houding teenoor hom?
- Wat is die verhouding tussen die karakters?

**Vrae oor karakterisering**


1. Hoe word 1.1. Drikus en 1.2. Chris se voorkoms deur direkte waarneming beskryf?
2. Wat vertel Hoender van Chris wat wys dat sy onverskrokke is?
3. Hoender sê Drikus is die nuuskierigste mens wat hy nog teëgekomm het (bl. 60). Hoe bevestig Drikus dit? Noem voorbeelde.
4. Hoender wys uit sy handeling (dade) dat hy hom oor ander ontferm; dat hy deernis en medelye het. Noem voorbeelde.
5. Is daar 'n duidelike protagonis in die verhaal?
6. Watter karakter(s) beskou jy as antagonis(te)? Gee redes vir jou antwoord.

## 7. Intrige (plot)

---

Die intrige is die verhaallyn wat loop van die begin van die verhaal, via verskeie verwikkelings en intriges, na die einde. Die plot ontwikkel as 'n opeenhoping van gebeure in 'n verhaal, waar elke gebeurtenis 'n ander een veroorsaak of daartoe lei. Die gebeurtenisse is dié wat verband hou met die konflik en worsteling wat die protagonis beleef om sy/haar doel te bereik. Dit beteken dat daar 'n aanvangsoomblik en 'n slotoomblik moet wees, met progressie tussenin.

Die intrige begin gewoonlik met die bekendstelling van die belangrikste karakters binne 'n bepaalde situasie. Daarna word die plot verder ontwikkel deur dialoog en handeling wat daarin geleidelik spanning opgebou word wat tot 'n klimaks lei. Daarna volg die ontknoping en slot.



### Vrae oor die intrige

1. Watter karakters word aan die begin van die verhaal bekend-gestel? In watter situasie bevind die karakters hulleself?
2. Hoe word daar reeds in die eerste paragraaf spanning geskep?
3. Rondom watter handeling word die spanning in die verhaal op-gebou?
4. Waar is die klimaks van die hoof-storielyn?
5. Een van die maniere om spanning op te bou, is om 'n hoofstuk af te sluit met 'n onopgeloste probleem of 'n nuwe probleem. Dit verseker dat die leser wil aanhou lees om seker te maak of die

probleem in die volgende hoofstukke opgelos word. Noem voorbeelde hiervan uit die verhaal.

6. Noem puntsgewys wat alles gebeur in die ontknoping van hierdie verhaal?
7. Sou 'n mens kon sê dat die storielyn 'n siklus vorm? Gee jou mening.

## 8. Tema en boodskap

---

Die tema van 'n verhaal is die hoofgedagte waaromheen die verhaal plaasvind, byvoorbeeld jaloesie, haat, ouerliefde, geweld. Die tema is ook die draer van die boodskap van die verhaal. Die boodskap is die universele boodskap wat die skrywer by die leser wil tuisbring.

### **Vrae oor die tema en die boodskap**

1. Die dood is die belangrikste tema in hierdie verhaal. Met watter aspekte daarvan word die hoofkarakter en dus ook die leser gekonfronteer?
2. Watter boodskap wil die verhaal oordra?

## 9. Voorgestelde antwoorde

---

### **Luisterbegrip: Oor die skrywer**

1. *Sarie*
2. Die Universiteit van die Vrystaat
3. Hoërgraadwiskunde, zombies (grillerige fliëks) en hoenders
4. Hy was onseker oor watter beroep hy eendag wou volg, en was bang hy het wiskunde nodig om keuring te kry wanneer hy universiteit toe gaan.
5. Enige een van die volgende: Alba Bouwerprys, C.P. Hoogenhout-toekenning, MML-letterkundeprys, ATKV-kinderboektoekennings
6. Bloemfontein
7. Meer as 200
8. Jaco se dogters.

### **Titel**

1. Ja, die lang titel sal die voornemende leser laat stilstaan om daarna te kyk. Die inhoud van die boek word ook goed gedek en daar word indirek verwys na die twee belangrikste karakters, naamlik Hoender (lang getalle wat deur elf gedeel kan word) en Drikus ('n motorfiets en 'n zombiefliëk).
2. Eie mening oor lengte van titel.
3. Motorfiets, zombiefliëk, getalle.
4. Eie mening en rede daarvoor.

### **Omslag**

1. Die rede vir die verskillende lettertipes kan dalk wees om verskillende elemente in die verhaal voor te stel. Ook 'n eie mening oor lettertipes.
2. Die lettertipe van *zombiefliëk* beeld die grillerigheid daarvan uit.
3. Eie mening oor boodskap van omslag.
4. Eie mening oor omslag, of dit besig en deurmekaar is, al dan nie.
5. Eie mening oor kleure van omslag.
6. Eie mening oor wie die kinders op die omslag kan wees en waarom hulle boontoe kyk. Heel waarskynlik die hoofkarakters.
7. Die volgende hoofstukke het 'n direkte band met die omslag: 2 (leghorns – vere), 3 (grilfliëks – zombiefliëk), 4 (gelukkige getalle – lang getalle ...), 6 (fliëk – zombiefliëk), 8 (motorfiets), 12 (zombies)



- zombiefliëk), 14 (bloederige toneel – zombiefliëk), 20 (hoenders – vere), 23 (lang getalle wat deur elf gedeel kan word), 25 (zombies – zombiefliëk).

## **Flaptëks**

1. Ja, Martin Retief (Hoender).
2. “Martin Retief se hele lewe verander ...” Die leser wonder oor hoe sy lewe verander het.  
“Op ’n dag ontmoet Martin vir Drikus. Drikus wat aan ’n siekte ly ...” Die leser wonder oor die aard van Drikus se siekte.
3. Martin se lewe het heel waarskynlik ’n vaste roetine gehad. Nadat hy Drikus ontmoet het, blyk dit dat sy lewe vol opwinding was.
4. Deelsomme/langdeelsomme
5. Hoendervere
6. “wegholrit”

## **Hoofstuk 1 & 2 (bl. 5-12)**

### **Martin Antonio Retief**

- 1.1. Hy boer met hoenders en verkoop eiers.
- 1.2. Hy onthou die jare, sowel as die maande en dae.
- 1.3.1. Drikus het laat blyk dat hy inligting oor Martin se ma bekom het, waarmee hy R500 beloning by ’n tydskrif kon kry. Hoender wou sy ma beskerm en daarom het hy tot slaan oorgegaan.
- 1.3.2. Drikus se hond, Cheetah, het Martin se hoenderhen, Klarabel, doodgebyt.
- 1.3.3. Eie antwoord. Hopelik: Nee, slaan is nie ’n oplossing om uiting te gee aan woede of enige ander negatiewe emosie nie. Hy kon vir Drikus gesê het dat sy ma baie broos is en dat dit haar sou benadeel as hy sy inligting aan ’n tydskrif verkoop.
- 1.3.4. Eie antwoord. Hopelik iets positief.
- 1.4. Hy gaan sit by sy hoenderhok.

### **Martin se hoenders**

- 2.1. Martin/Hoender se pa

- 2.2. Hoender boer met Leghorns.
- 2.3. Leghorns lê baie eiers en Hoender verkoop eiers vir sakgeld.
- 2.4. Hoender se oorlede pa het die kuikens wat in dieselfde jaar uitgebroei het, name gegee wat met dieselfde letter begin. So was daar byvoorbeeld 'n B-jaar met name soos Berta en Brolloks.
- 2.5.1. Dat Klarabel dood is.
- 2.5.2. Daar was van Klarabel se wit vere aan Cheetah se bek.
- 2.5.3. Klarabel het die derde prys by die Bloemfontein-skou gekry.

## **Martin se ouers**

- 3.1. Martin se pa was op pad huis toe van die supermark af toe 'n lorry voor hom ingedraai het. Sy pa is dood in die botsing.
  - 3.2.1. 'n Sepie is 'n televisiedrama met 'n lang reeks episodes, oorspronklik geborg deur seepmaatskappye in die VSA.
  - 3.2.2. B deesdae
- 3.3. Hy het 'n foto van haar by 'n berig oor vergete sepiesterre in 'n tydskrif gesien.
- 3.4. Lesers wat kan help om sepiesterre van toeka op te spoor, kan 'n R500-beloning kry.
- 3.5. Sy het aan agorafobie begin ly/sy het haar onttrek van die wêreld.

## **Drikus**

- 4.1.1. Daar is donker sakke onder sy oë en Marinda, sy verpleegster, waarsku hom dat hy nie te lank kan opbly nie.
- 4.1.2. Drikus se pa het vir Hoender se oom gesê Drikus is besig om dood te gaan.
- 4.2. Drikus se pa het gaan kla omdat Hoender vir Drikus geslaan het.
- 4.3. Enige antwoord wat daarop dui dat Drikus graag video's maak, dinge dokumenteer of belang stel in filmmakery.

## **Oom Hendrik**

- 5.1. Hoeder se oom/Mevrou Retief se broer.
- 5.2. D liefdesteleurstelling
- 5.3. "Ek het geweet hy sal verstaan."

### Hoofstuk 3 & 4 (bl. 13-23)

1. Hoender het Drikus bloedneus geslaan ten spyte van die feit dat hy ernstig siek is.
2. Drikus se ma sê kinders wat op plotte bly, is vermetel.
3. Hoender dink “Barbara” is ’n vriendelike naam, maar sy tree onvriendelik op.
4. Drikus makeer inderdaad iets ernstigs; hy het kanker.
5. Deur die TV. Dit is geluide van die fliek *White Zombie*.
6. Drikus hou van rillers.
7. Drikus sê Hoender mag maar vrae vra/vra of dit seer is en wat hy makeer.
8. “Maar ek voel baie simpel omdat ek gedink het sy hare is afgeskeer om mean te lyk.”
9. Limfkanker/’n soort bloedkanker/Hodgkin se siekte.
10. Drikus kondig aan dat hy ’n fliek gaan maak.
11. Hy wil sien of dit ’n priemgetal en of dit ’n gelukkige getal is.
12. Dit is ’n feit, want dit kan rekenkundig bewys word.
13. Hoender het Drikus bloedneus geslaan.
14. Hy het een van sy spoghoenders begrawe.
15. Hy en Drikus gaan die volgende dag ’n fliek begin maak.
16. Nee. Sy slaap nie in haar slaapkamer sedert haar man se dood nie; sy sukkel om te slaap en sy ly aan agorafobie. Sy het ook nog nie van haar oorlede man se klere ontslae geraak nie.

### Hoofstuk 5 & 6 (bl.24-34)

- 1.1. Dat dit luuks sal wees, soos ’n landgoed.
- 1.2. Eie antwoord. Heel waarskynlik: Ja, met al die motorwrakke en armoede het die plek seker ’n geskiedenis en ’n storie om te vertel.
- 2.

Deftige plotte	Estoire-plotte
2.1. Deftige wonings	2.1. Armoedige huise
2.2. Hoë heinings om eiendom te beskerm	2.2. Kwaai basterbrakke om eiendom te beskerm
2.3. Netjiese grasperke	2.3. Werf vol lendelam hoenderhokke en karwrakke

3. Hulle word "plotrotte" genoem.
4. Van Chris. Sy het die kaptein van die eerste rugbyspan 'n blouoog gegee omdat hy haar 'n plotrot genoem het.
5. Die bussie gaan staan soms en dan moet hulle hom stoot.
6. Aan padwoede en die gevare daaraan verbonde.
7. Hy is in die tronk.
8. Hulle is nie te slim nie/hulle is dom.
9. Drikus het 'n naam vir sy fliek. Hy het 'n plakkaat gemaak. Hy het kammabloed gemaak.
10. Tuisonderrig
11. Enige aanvaarbare antwoord, byvoorbeeld:  
Drikus ontvang sy onderrig tuis; Hoender by die skool. Drikus kan werk wanneer dit hom pas; Hoender moet op vasgestelde tye by die skool wees. Drikus kan kies in watter volgorde hy sy werk wil doen; Hoender moet 'n vaste patroon volgens die skoolrooster volg.
12. Ja, wanneer Marinda maak of sy skrik vir die kammabloed wys sy haar humorsin.
13. Drikus se oupa, wat baie ryk is, betaal vir Marinda se dienste.
14. 'n Naamsverandering. Hy word "Killer."

## Hoofstuk 7 & 8 (bl. 35-46)

- 1.1. Na jong mense wat vir kwaadgeld rondloop en dan by misdaad betrokke raak.
- 1.2. Na die leerbaadjie wat aan Hoender se oorlede pa behoort het.
2. 'n Bende jongmense.
3. Jongmense sukkel om werk te kry en daar is 'n gebrek aan dissipline by die skole.
4. Dit beteken iemand lê leeg en het niks om te doen nie/iemand wat ledig is en allerhande katekwaad aanvang en verkeerde dinge doen.
5. Hulle verhouding is sleg/swak. Cindy is parmantig met haar ma en sy hou ook nie by die reëls wat haar ma neerlê nie.
- 6.1. Hy is astant, vrypostig of parmantig.
- 6.2. Na Bruce, Cindy se kêrel
- 6.3. Ja, Bruce is eie met die volwassenes, hy ken nie sy plek nie en

- hy toon nie respek vir Cindy se ma nie.
7. Want dan kan hy nie slaap nie. Die nommers sit hom aan die dink.
  8. Haar oorlede man se versekering was genoeg om die plot af te betaal en sy pensioen dek hul lewenskoste.
  9. Dit dui tydsverloop aan, net soos die spasie daarna. Dit is nie duidelik wat Hoender gaan doen wanneer sy spaargeld genoeg gaan wees nie.
  - 10.1. Vir sy oorlede pa.
  - 10.2. Na Hoender en Drikus.
  - 10.3. Vir Drikus se fliek.
  - 10.4. “Ek voel soos ’n regte skelm toe ek die kas se deur oopmaak.”
  - 11.1. “Mag ek asseblief op my motorfiets ry?”
  - 11.2. Glad nie; geensins; onder geen omstandighede.
  - 11.3. Figuurlik.
  12. Drikus wil ’n skoot kry waar hy en Cheetah op sy motorfiets deur die veld ry terwyl ’n zombie hom probeer afruk.
  13. Dat daar genoeg tyd is om met die motorfiets te gaan ry, sonder om uitgang te word.
  14. Hy kan afval of verongeluk en dit sal sy siektetoestand negatief beïnvloed.
  - 15.1. Hoender is ’n zombie.
  - 15.2. Hoender dra ’n zombiemasker, hy het ’n bebloede hand, hy loop soos ’n zombie en maak geluide soos ’n zombie.
  16. C wil Drikus beskerm.
  17. Chris hou hulle dop.

## **Hoofstuk 9, 10 & 11 (bl. 47-57)**

- 1.1. Wanneer die persoon hoogs intelligent is.
- 1.2. Nee, sy spot met Hoender /sy is sarkasties /sy bedoel eintlik hy is dom.
- 1.3. C ’n Metafoor
2. Waar. “My gesig word vuurwarm.”
- 3.1. Dit is ’n letterlike interpretasie omdat Chris nie hare op sy kop het nie
- 3.2. Om vreesloos te wees/vir niks bang te wees nie.
4. Drikus het nie hare nie, omdat hy chemoterapie ontvang. Hy is reeds selfbewus daarvoor en nou spot Chris hom nog.

5. Hoender is vies omdat Drikus skielik vir Chris inligting gee waarvan hy (Hoender) nog niks weet nie.
6. Chris sê sy het die perfekte plek, 'n ou skuur. Omdat sy 'n meisie is, kan sy die rol in Drikus se fliek vertolk.
- 7.1. Dat iemand anders (Hoender) aan die dood dink.
- 7.2. Eie antwoord. Waarskynlik: Ja, want Drikus het kanker en hy het gehoor toe sy ma vir iemand oor die foon sê dat hy slegs 'n 40%-kans op genesing het.
8. Ja, Drikus kon iets oorgekom het en dan sou sy (Marinda) in groot moeilikheid gewees het.
9. Dat hy (Drikus) nog lewe en dinge wil geniet. Die ander betekenis is dat hy wel sal sterf.
10. A vreugde
11. B onverantwoordelik
- 12.1. Met die dood.
- 12.2. Eie antwoord; dit moet egter sinvol wees, byvoorbeeld: Ja, die vergelyking is geslaagd. Nul is in die middel van die positiewe en negatiewe getalle net soos die dood die skeiding is tussen die lewe en die lewe ná die dood.
- 12.3. Eie vergelyking waarin “die dood” met iets vergelyk word.
13. “Het jy geweet iemand van Skotland het in 194 dae en 17 uur om die wêreld gery?”
14. Marinda het Drikus se ouers omgepraat om by Hoender te gaan kuier.
15. Hoender kry inligting van die internet gedurende sy rekenaarperiode.
- 16.1. “haar” – Drikus se ma; “ek” – Drikus; “jou” – Hoender
- 16.2. “aktrise” – Hoender se ma/mevrouw Retief
- 16.3. “hulle” – hoenders
- 16.4. “myne” – Hoender se fiets
- 16.5. “die plek” – die skuur
17. Hulle hou van syfers (en hoenders).
18. Hy het syfers sy beroep gemaak en 'n data-analis geword.
19. Drikus weet nie of hy sal bly lewe om sy skoolloopbaan te voltooi nie.

## **Hoofstuk 12, 13 & 14 (bl. 58-74)**

1. Volgens Drikus is die skuur die perfekte plek om 'n griffliek te

skiet. Die deur maak skuurgeluide as dit oopgaan, dit is stowwerig binne en ruik na ghries. Daar staan 'n Volkswagen Beetle, asook 'n klomp kaste en bokse. Die skuur het net een ry vensters hoog teen die dak.

2. C klanknabootsing
- 3.1. oom
- 3.2. huur
- 3.3. broer
- 3.4. tronk
- 3.5. oortredings/misdade
4. Sy word baie kwaad/woedend.
5. Eie antwoord, dit moet egter negatief wees, soos skaamte, vernedering, gekrenktheid.
6. Chris verbied Hoender en Drikus om aan haar broer se goed/besittings te raak.
7. Dit is gesteelde goedere.
8. Drikus sê hy is gehok en mag vir die volgende maand nie die huis verlaat nie.
9. Chris kom agter dat Drikus skielik loop in plaas van op sy motorfiets ry, soos in die vorige toneel. Sy sien ook dat hy nie meer sy hond by hom het nie. Drikus het nou ook skielik 'n pistool wat hy nie vroeër gehad het nie.
10. As Drikus in die vorige toneel 'n vuurwapen gehad het, kon hy mos sy zombie-aanvaller geskiet het.
11. Oor die motorfiets kan Drikus sê hy het sonder petrol gaan staan. Wat Killer betref, kan hy sê die hond het in 'n zombie verander nadat hy deur een gebyt is. Die probleem van die pistool kan opgelos word as Chris die pistool by haar het, sodat sy Drikus teen die zombies kan beskerm.
12. Hoender besef skielik hoe mooi Chris is.
13. Drikus sien dat daar 'n klomp nuwe goed bygekam het.
14. Bruce en sy vriende steel die goedere en kom bêre dit dan in die skuur.
- 15.1. wiskundesomme
- 15.2. plotkinders
- 15.3. makliker
- 15.4. hoog
- 15.5. slim

- 15.6. zombieprente
- 15.7. detensie
- 16. Hoender het 'n ou wiskundevraestel gedoen.
- 17. Waar, want Hoender se pa het gesê wiskunde is 'n soort speletjie, soos blokkiesraaisels of skaak: Hoe beter jy die reëls verstaan, hoe beter vaar jy daarmee.
- 18. Eie antwoord, byvoorbeeld: Nee, ek dink nie sy kweek 'n liefde vir wiskunde by die leerders nie, want sy sien neer op sommiges, soos die plotkinders. Sy is ook nie vatbaar vir die vindingrykheid van haar leerders nie en sal hulle eerder verkleineer voor die ander. Sy is ook gans te streng en rigied. Vir Hoender lyk dit of sy nie wiskunde doen nie, maar dit eerder aanval en dit lyk ook asof sy bang is daarvoor. Chris noem haar “'n ou draak”.

### **Hoofstuk 15, 16 & 17 (bl. 75-87)**

- 1. D grootse
- 2. Chris sien dat Hoender altyd besig is om aan dinge te dink.
- 3. Pi is die sestiende letter van die Griekse alfabet wat in die wiskunde gebruik word om die verhouding uit te druk tussen die middellyn en die omtrek van 'n sirkel.
- 4. Dit is vir Chris sommer net lekker om Hoender te hoor praat.
- 5. Chris het Hoender gesoen.
- 6. Hoender wonder hoe tannie Hantie die baie dae en ure so alleen omkry.
- 7. Eie antwoord. Dit moet egter negatief wees, byvoorbeeld: kil/ kwaad/ woedend.
- 8.1. Almal aan tafel is doodstil en Hoender vermoed daar is moeilikheid.
- 8.2. Hoender se ma vra of hy en Drikus in die slaapkamer was en waar haar oorlede man se leerbaadjie is.
- 8.3. Hoender sê hulle het die baadjie geleen vir die fliiek wat hulle maak.
- 8.4. Hoender se ma sê sy pa is weg en nou gebruik Hoender en Drikus sy baadjie vir speelgoed.
- 8.5. Hoender skree vir sy ma dat sy pa nie weg is nie, maar dood.
- 8.6. Hoender beskuldig sy ma-hulle daarvan dat hulle in ontkenning lewe.



- 8.7. Hoender se ma klap hom.
9. B eufonie
10. Slaap; uitgaan; weggaan; verhuis; omkom.
11. Hoender assosieer die vis en skyfies met sy pa se dood. Sy pa het 'n snoek gaan koop toe hy in 'n botsing dood is.
12. Hulle was 'n gelukkige gesin wat graag dinge saam gedoen het.
- 13.1. Hoender vergelyk homself met 'n blikkie koeldrank wat eers geskud en toe ooggemaak is.
- 13.2. Eie antwoord, byvoorbeeld: Ja, die vergelyking is geslaagd. Hoender is net soos die blikkie eers geskud deur sy ma se aanval. Daarna het hy 'n uitbarsting gehad net soos die koeldrank uit die blikkie sal opstoot boontoe. Uiteindelik was hy leeg.
14. Dit lyk asof Drikus se gesondheid agteruitgaan. Drikus lyk moeg en bleek, sy skouers lyk klein en hy ry stadiger op die fiets.

### **Hoofstuk 18, 19 & 20 (bl. 88-99)**

1. Eie antwoord. Dit moet verband hou met Drikus se idee dat die flik moet eindig met 'n toneel waar 'n skare zombies teenwoordig is.
2. Hoender se ontsteltenis as gevolg van die bakleiery aan tafel het sy slaap bederf.
- 3.1. Die nuus is dat dit beter gaan met Drikus en dat hy dalk nie meer chemoterapie hoef te kry nie.
- 3.2. Drikus wil nie graag oor sy siekte praat nie. Hy is moontlik bekommerd oor die kanker; dalk betwyfel hy die dokter se bevinding.
4. Hoender is in die hangkas, want hy is 'n zombie wat moet uitspring en Drikus (Brad) moet aanval.
- 5.1. Drikus is moedeloos, want hy dink Chris herhaal die woorde wat sy reeds gesê het.
- 5.2. Chris herhaal die woorde, want sy hoor regtig iets buite.
6. Drie mans: Bruce, 'n skraal man met 'n kaalgeskeerde kop en een met donker hare.
7. Bruce doen al die praatwerk en maak die dreigemente.

8. Bruce sê hulle bedryf haar (Chris) broer se besigheid terwyl hy in die tronk is.
9. Hoender vertel die mans alles van Drikus en sy siekte. Hy sê ook dit kan erger word as Drikus nou iets oorkom.
10. Die mans dink die kinders het dalk die gesteelde goedere afgeneem. Dit kan as bewyse teen hulle gebruik word.
11. Op daardie oomblik voel dit vir Drikus of die einde van die wêreld vir hom aangebreek het. Hy weet al sy moeite met die flik tot dusver was verniet.
12. Bruce wil te kenne gee dat hy dieselfde met Cindy se gesig sal doen as Hoender durf praat oor hul bedrywighede in die skuur.
13. tralies
14. Toe Hoender met Drikus probeer praat het, het hy glad nie gereageer nie. Drikus het Hoender ook geïgnoreer toe hy aangebied het om 'n nuwe videokamera met sy eiergeld te koop.
15. D suspisiesus
16. Gee pad/gaan weg/skoert!

### **Hoofstuk 21, 22 & 23 (bl. 100-112)**

1. Dit is 'n feit, want sy het al baie vir haar ma gejok wanneer sy saam met Bruce uitgegaan het.
- 2.1. Haar pa se dood.
- 2.2. Haar kêrel, Bruce.
3. Voor haar pa se dood was Cindy vrolik en vol grappe. Sy het 'n goeie verhouding met haar broer, Hoender, gehad en hulle het saam katterkwaad aangevang. Cindy en haar ma het graag dinge saamgedoen, soos inkopies doen op Saterdag. Nou is sy egter ongehoorsaam, oneerlik en parmantig.
- 4.1. Hoender sit die fotostate in mense se posbusse.
- 4.2. Hoender saag die hingsel van die nuwe slot by die skuur deur.
5. Hoender verwys na Bruce-hulle wat gewoon is daaraan om by ander mense in te breek en te steel; daarom verwag hulle nie dat Hoender by die skuur sal inbreek nie.
6. Hoender wil Drikus se videokamera gaan haal. Bruce-hulle het dit gevat en in die skuur gelos.
7. Hoender het geweet hoe baie daardie kamera vir Drikus beteken en dat die verlies daarvan Drikus uiters mismoedig laat voel. Hy wil Drikus opbeur.

8. Die korrekte volgorde van die sinne is:
  - Hoender gaan in die vroeë oggendure skuur toe.
  - Hoender saag die slothingsel deur en gaan binne.
  - Dit is pikdonker binne en met sy flits soek Hoender in die bokse na die kamera.
  - Skielik hoor Hoender 'n motorenjin en daarna stemme.
  - Hoender beseef hy moet wegkruip en klim op 'n stapel kratte.
  - Bruce-hulle kom die skuur binne.
  - Hoender val van die kratte af en beseer sy skouer.
  - Iemand rig 'n pistool op Hoender.
  - Hoender hoor iemand skree dat die polisie daar is.
  - Hoender verloor sy bewussyn.
- 9.1. Na Hoender.
- 9.2. Na die polisie.
- 9.3. Bruce-hulle kon Hoender baie seergemaak het; selfs dood-geskiet het.
10. Jy gee jou verklaring/verduideliking van wat op 'n spesifieke tydstip en plek gebeur het.
11. "Jou ma is rasend van bekommernis."
12. Eie antwoord.
13. Eie antwoord, byvoorbeeld: Een van die fotostate wat Hoender laat maak het.

## **Hoofstuk 24 & 25 (bl. 113-122)**

1. Cindy bly tuis omdat sy in 'n toestand van skok verkeer. Sy kan nie glo dat Bruce 'n misdadiger is nie en boonop in die tronk sit. Sy is teleurgesteld en skaam, want hy is haar kêrel.
2. "sindikaat"
3. Drikus se videokamera en die laaste fotostaat.
4. Hoender wil Drikus se ma nie kans gee om hom uit te trap nie.
5. Hoender sê hy is jammer oor wat gebeur het en in dieselfde asem sê hy dat hy nie regtig jammer is nie.
6. Hoender is bly Drikus het die fliek gemaak, want dit was sy droom en dit het die fokus weggeneem van sy siekte. Dit was 'n positiewe en aangename ervaring te midde van die stryd wat hy teen kanker voer.
7. Waar, "Op die voorblad (van die koerant) is 'n opskrif wat sê: 'Roofbende danksy kinders vasgekeer.'"
- 8.1. fotostate

- 8.2. Drikus en Chris
- 8.3. grilfliek
- 8.4. vyfuur
- 8.5. parkie
- 8.6. zombies
- 8.7. zombiemaskers
9. Tannie Hantie is die eerste persoon wat daardie Saterdag by die parkie opdaag.
10. Ja, tannie Hantie kan sien dat Hoender baie van Chris hou.
11. Tannie Hantie sê Hoender moet vasbyt, al is Chris 'n bietjie kwaai.
12. Toe tannie Hantie sê dat Chris se broer vanuit die tronk by diefstal betrokke is, vertel Hoender haar die polisie sê hy is nie skuldig daaraan nie. Hy het glad nie geweet Bruce-hulle gebruik die skuur nie.
- 13.1. Op Cindy en Chris.
- 13.2. Op Hoender se ma, mevrou Retief.
14. Ja, want om vyfuur was daar reeds 31 mense.
15. Meneer Moosa bring vir almal by die park eetgoed en koeldrank.
16. Drikus gee bevale aan almal teenwoordig, verduidelik wat gaan gebeur in die toneel wat geskiet gaan word en hy is gereed om die storielyn te verander.
17. Dat sy gereed is om die lewe weer in die gesig te staar/aan te gaan met haar lewe.
18. Cindy daag saam met haar ma by die parkie op, sy glimlag vir Hoender en bied aan om die zombies te help grimeer.
19. Dat sy lank gelede 'n sepieaktrise was en nie meer as sulks gereken kan word nie.

## **Hoofstuk 26 (bl.123-126)**

1. By Drikus se graf/by die begraafplaas.
2. Deur die gekoer van 'n duif en die geluide van spelende kinders.
3. "oudergewoonte"
4. Hoender se ma het werk gekry by 'n radiostasie; sy gaan elke weeksoggend 'n geselsprogram aanbied.  
Oom Hendrik het met Marinda begin gesels en hulle kuier by mekaar.

- 5.1. bevoordeel
- 5.2. universiteitstudiante
- 5.3. proef-
- 5.4. dosente
- 5.5. is
- 5.6. weekliks
6. In die hospitaal se kankersaal.
7. Vir Drikus self is dit ook die einde – die einde van sy lewe.
8. Eie antwoord. Dit moet 'n motivering hê.
9. Om rekenaars vir Rocklands Primêr te koop.
10. Na die botsing waarin Hoender se pa dood is.
11. 'n Positiewe siening. Hy dink aan die dood as die getal nul. Nul is nie die einde nie, dis die middel. Weerskante van nul strek twee rye getalle wat Hoender se kop duiselig maak.

## Ruimte en tyd

1. Eie mening. Die plotte sal heel waarskynlik 'n negatiewe beeld skep, aangesien dit armoedig en onversorgd lyk.
2. Dit wil voorkom asof die plotbewoners arm is en nie veel vir die estetiese omgee nie. Dit lyk asof hulle nóg die geld nóg die lus het om hul tuine te onderhou.
3. Net buitekant 'n stad of dorp/aan die buitewyke van 'n stad of dorp.
4. 'n Atmosfeer van neerdrukkendheid. Hoender se pa is dood en sy ma was sedertdien nog nie weer uit die huis nie. Sy beset die sitkamer, waar sy snags op 'n bank slaap. Haar slaapkamer staan toe; alles nog net soos voor haar man se dood. Die warmte van 'n gesin wat goed kommunikeer, ontbreek hier.
5. In die moderne tyd. Daar is verwysings na tegnologiese vooruitgang, soos onder andere 'n MP3-speler, 'n videokamera en mikrogolfoonde.
6. Oor 'n tydperk van ongeveer ses maande. Die verhaal begin in die winter: "Langs die pad lê die ryp nog spierwit." (bl.27) Wanneer die verhaal eindig, is dit weer somer: "Die winter het verbygegaan, en die lente en nou is die somer hier." (bl.123)
7. Die skrywer maak gebruik van terugflitse om die verhaal toe te lig, sodat die leser beter insig in die karakters se optrede kan hê. Hy gee die leser ook 'n kykie op gebeure wat die karakter se denke

beïnvloed.

8. Hoender dink aan sy pa se dood en hoe dit veroorsaak is. Dit is belangrik vir die verhaal, want dit gee die leser insig in Hoender se gemis aan sy pa, sy ma se agorafobie en sy suster se rebelsheid. Dit werp uiteindelik ook lig op Hoender se anonieme skenking.
9. Dit is 'n voorbeeld van 'n tydsprong.

## Die verteller

1. 'n Ek-verteller/'n karaktergebonde verteller.
2. Die nadele van die ek-verteller is dat die leser se begrip van die verhaaalwêreld/storie beperk is tot die verteller se (beperkte) kennis daarvan en opvattings daaroor. Die ek-verteller weet ook nie wat ander karakters voel en dink nie. So wonder Hoender of Drikus ook aan die dood dink. Die ek-verteller kan slegs op een plek op 'n keer wees. Dit beperk sy kennis.

## Karakterisering

1. Deur Hoender se oë sien die leser Drikus as 'n min of meer dertienjarige seun, met 'n blekerige vel, bedek met rooibruin sproete, sakke onder sy oë en 'n kaalgeskeerde kop.  
Chris word beskryf as 'n pragtige meisie met lang, blonde hare en wat fyn gebou is. Haar gesig is skraal en sy het donker oë.
2. Hoender vertel dat Chris die kaptein van die eerste rugbyspan 'n blouoog gegee het omdat hy haar 'n plotrot genoem het.
3. Drikus is nie taktvol nie en vra onbeskaamd vrae wanneer hy oor iets wonder:
  - "Waar is jou broer dan, oorsee?"
  - "Hoekom is jou broer in die tronk?"
  - "Waarvoor het jou broer drie mikrogolfoonde?"
  - "Is dit gesteelde goed?"
  - Drikus vind ook uit dat Hoender se ma lank gelede 'n sepiester was: "Ek weet wie jou ma is."
4. Hoender beseft hoe belangrik dit vir Drikus is om sy fliek te maak en ry in 'n bitterkoue nag en gaan sit strooibiljette in posbusse waarin hy mense vra om in die slottoneel ekstras (zombies) te wees.  
Hoender gebruik ook sy spaargeld om vir 'n skool in 'n arm woonbuurt rekenaars te koop, nadat die besending wat daarheen op pad was in 'n ongeluk vernietig is. Hy maak 'n anonieme

skenking; hy wil dus nie in die kalklig wees nie.

5. Ja, Martin Retief/Hoender staan duidelik uit as die protagonis.
6. Bruce is 'n antagonis, aangesien hy die kinders wil verhoed om hul fliek te maak. Bruce en sy makkers het die kinders in die skuur getraumatiseer in 'n poging om hulle die stilswye op te lê. Later het die drie skelms vir Hoender alleen in die skuur aangetref en hulle sou hom erg beseer het, selfs doodgeskiet het, as die polisie nie betyds opgedaag het nie. Juffrou Fourie, die wiskundeonderwyseres, kan ook as antagonis beskou word, aangesien sy geen ooghere vir Hoender het nie. Sy maak geen voorsiening vir Hoender se wiskundige begaafdheid in haar lesse nie en probeer hom gedurig stilmaak en verneder. Sy voel ook bedreig deur Hoender se buitengewone vermoëns om wiskunde probleme op te los; daarom verkleineer sy hom en gee hom detensie.

## Intrige

1. Martin Retief (Hoender) en Drikus, die twee hoofkarakters word aan die begin van die verhaal voorgestel. Ons tref hulle by Drikus se huis aan, waar Hoender vir Drikus gaan konfronteer het omdat Drikus se hond sy (Hoender se) spoghen, Klarabel, doodgebyt het.
2. Die verteller, Martin Retief (Hoender) slaan die buurseun bloedneus. Spanning word geskep want die leser wonder dadelik waarom hy so drasties optree.
3. Die spanning in die verhaal word opgebou rondom die maak van Drikus se zombiefiek.
4. Die klimaks van die hoof-storielyn in die verhaal is waar Hoender deur Bruce en sy makkers met 'n pistool in die skuur aangehou word.
5. - Hoofstuk 15 eindig so: "Toe leun sy vorentoe en soen my." Die leser is nuuskierig en wil weet of daar iets van gaan kom.  
- Hoofstuk 16: "... kry ek 'n briljante plan." Die leser is nuuskierig oor die plan.  
- Hoofstuk 20: "Ek moet iets doen, Jesaja." Die leser wil graag verder lees om uit te vind wat Hoender gaan doen.  
- Hoofstuk 22: "Cops!" roep een van die ouens verskrik uit. Die leser is in spanning oor Hoender se lot en wonder of die polisie hom betyds gaan red.  
- Hoofstuk 23: "Ek glimlag skielik toe ek onthou wat in die rugsak is!"
6. In die ontknoping gebeur die volgende:

- Drikus het sy fliek klaargemaak en dit is in die kankersaal van die hospitaal vertoon.
  - Drikus is dood en Hoender besoek sy graf gereeld om te gesels.
  - Hoender se ma het werk gekry en is oor haar agorafobie.
  - Hoender het sy eiergeld gebruik om rekenaars te koop vir die skool waarvan die besending vernietig is in die botsing waarin Hoender se pa dood is.
7. Ja, dit wil voorkom asof die storielyn 'n siklus vorm. Die verhaal eindig (met 'n verrassing) waar dit begin het, naamlik by die dood van Hoender se pa.

### **Tema en boodskap**

1. Die aspekte rondom die dood waarmee die karakters en ook die leser gekonfronteer word, is:
  - Die dood kan heel onverwags kom, soos die geval met Hoender se pa.
  - Die dood van 'n geliefde beïnvloed die lewens van die agtergeblewenes.
  - Daar is tyd nodig om 'n geliefde se dood te verwerk.
  - Mense reageer verskillend op die dood van 'n geliefde.
  - Daar is lewe ná die dood; letterlik en figuurlik.
2. Die boodskap wat die verhaal wil oordra, is dat die dood nie gevrees hoef te word nie en dat die vooruitsig aan die dood nie 'n mens se drome moet vernietig nie, met ander woorde: Lewe voluit en jaag jou drome na.



## 10. Ander idees

---

### Akrostigon of naamgedig

Skryf die letters van die hoofkarakter/enige ander karakter se naam onder mekaar neer. Laat elke reël van die gedig met die betrokke letter begin.

#### 'n Voorbeeld:

**C**hris, die kwaai enetjie,  
**H**ou nogal van Hoender;  
**R**y saam met hom op sy fiets;  
**I**s betower deur sy pi-vertellings en  
**S**oen hom sommer onverhoeds.

### Lees-alfabet

Laat leerders op een bladsy in hul werkboeke tien raampies trek, soos hier onder.

In elke raampie moet hulle woorde wat betrekking het op die verhaal invoeg, soos die volgende voorbeeld:

ABC	DEF	GH	IJK	LM
aktrise	Drikus	getalle	inbraak	langdeelsomme
aandete	dood	gelukkige getalle	inbreek	Leghorns
agorafobie	doodstil	gesteelde goedere	internet	limfkanker
anoniem	drup	geselserye	Klarabel	leerbaadjie
Barbara	dokter	graf	Killer	Lotto-nommers
Brad	data-analis	grafsteen	kanker	Martin Retief
Bruce	detensie	grilfliek	kankersaal	Marinda
bynaam	Estoire	groenboontjies	kerkhof	Moosa
buurseun	Einstein	Groenvlei	kammabloed	motorfiets
bloedneus	eiers	grimering	kratte	mikrogolfoonde
botsing	eiergeld	geheuekaart	koerantknipsel	

begrafnis	etenstafel	Hoender		
begraafplaas	fobie	hoenders		
bende	fliiek	hoenderboerdery		
broer	fiets	Haasbroek		
bokse	fietsry	Hantie		
beseer	flenterbussie	Hendrik		
borgtog	fotostate	Hodgkins se siekte		
Cheetah	flitslig	hospitaal		
Cindy		hangkas		
Chris				
chemoterapie				
<b>NO</b>	<b>PQR</b>	<b>ST</b>	<b>UVW</b>	<b>XYZ</b>
	plot	skouhoender	universiteit	ystersaag
	plotrot(te)	syfers	videokamera	yskoud
	padwoede	sepie	vraestel	zombie
	poskantoor	sepiester	vis	zombiefliiek
	priemgetal	siekte	verpleegster	zombiemasker
	pi	skuur	Volksie	zombieplaag
	pifilologie	soen	verstuit	
	proefonderwys	skouer	verklaring	
	parkie	spesialis	wiskunde	
	pistool	sindikaat	wetenskaplike	
	polisie	snoek	winter	
	quad bike	slot		
	rekenaar	saag		
	roofbende	somer		
		skenking		
		Trisa Retief		
		tel		
		tuisonderrig		
		tronk		
		tjoekie		

## Storiepiramide

Gebruik die volgende patroon om 'n storiepiramide te skryf:

Hoofkarakter se naam

Twee woorde wat karakter beskryf

Drie woorde wat die agtergrond beskryf

Vier woorde wat 'n probleem in verhaal beskryf

Vyf woorde oor 'n sekere gebeurtenis in verhaal

Ses woorde wat 'n volgende gebeurtenis in verhaal beskryf

Sewe woorde wat 'n derde gebeurtenis in verhaal beskryf  
(opsioneel)

Agt woorde wat die oplossing vir die probleem in die verhaal stel/  
bied

Voorbeelde:

Hoender

Syfermal plotseun

Detensie in wiskunde

Doen universiteit se vraestel

Wat deure vir hom oopmaak

Na klasse saam met die super-slimmes

Drikus

Dapper kankerlyer

Wil 'n zombieflied maak

Hoender word die zombie

Chris verskaf die spokerige skuur

Word deur Bruce en makkers aangeval

Bruce breek kamera se geheuekaart in twee

Drikus se droom is verpletter, maar Hoender help

Met strooibiljette kry hy zombies; alles gaan weer voort

En Drikus se droom word uiteindelik in kankersaal bewaarheid